UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

# BESTUURSVERSLAG VAN DIE REKTOR AAN DIE RAAD

## Maandag 26 Maart 2018

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

# Inhoudsopgawe


1. Inleiding ... 4
2. Verbreding van toegang ... 5
   - 2.1 Diensbillikheid ... 5
   - 2.2 Strategiese werwing van personeel ... 5
   - 2.3 nGAP ... 5
   - 2.4 Finansiële bystand aan studente ... 5
   - 2.5 Presidensiële verklaring oor gratis hoër onderwys ... 6
   - 2.6 Oorbruggingsfinansiering van die DHOO in 2018 ... 6
   - 2.7 Ikusasa-finansiëlebystandprogram (ISFAP) ... 7
   - 2.8 Die Vlakte-beurse ... 7
   - 2.9 Registrasie 2018 ... 7
   - 2.10 Verwelkoming van studente ... 8
   - 2.11 Voorgraadse inskrywings ... 9
   - 2.12 Koshuisplasing van eerstejaars ... 11
   - 2.13 US Opedag 2018 ... 12
3. Behoud van momentum van uitnemendheid ... 12
   - 3.1 Wêreldranglyste ... 12
   - 3.2 Onderrigtoekennings ... 13
   - 3.3 Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) ... 13
   - 3.4 Akademieskap van Onderrig en Leer ... 13
   - 3.5 Kortkursus oor die akademieskap van onderwysleierskap ... 14
   - 3.6 Gradeplegtighede, Desember 2017 ... 14
   - 3.7 Spesiale eredoktorsgrade in die US se Eeufeesjaar ... 15
   - 3.8 PhD’s vir Afrika ... 16
   - 3.9 Jong akademiese sterre ... 17
   - 3.10 Bevordering van die navorsingsuitset ... 17
   - 3.11 US-innovasie maak saak ... 17
   - 3.12 Wolkdataverwerking ... 19
   - 3.13 Rekenaarnetwerk opgeknap ... 20
   - 3.14 Maties Sport ... 20
4. Bevordering van sosiale impak ... 21
   - 4.1 US Museum ... 22
   - 4.2 US Woordfees ... 22
   - 4.3 Kampusgesondheidsdiens ... 22
   - 4.4 Maties Sport ... 23
5. Uitbreiding van internasionalisasie ... 23
   - 5.1 Institusionele Advieskomitee oor Internasionalisasie ... 23
   - 5.2 Vereniging van Afrika-universiteite (AAU) ... 23
   - 5.3 Ontwikkelings in ARUA (die alliansie van Afrikanavorsingsuniversiteite) ... 23
   - 5.4 Internasionale besoeke, vergaderings en konferensies deur US Internasionaal ... 24
   - 5.5 Maties Sport ... 26
6. Bevordering van sistemiese transformasie ... 27
   - 6.1 Transformasiekantoor ... 27
   - 6.2 Eerste US-transformasie-indaba ... 27
   - 6.3 Maties Sport ... 27
7. Verbetering van sistemiese volhoubaarheid ... 28
   - 7.1 US Eeufees-projek ... 28
   - 7.2 US Institusionele Plan 2018–2023 (IP) ... 28
   - 7.3 Waterkrisis ... 29

7.4 Proses vir lewensvatbare kontraktering en Fasiliteitsbestuurkontrakte ........ 29
7.5 Tegnologie- en inligtingsoorsigbestuur ........ 30
7.6 Risikobestuur ........ 31
7.7 Kampussekuriteit ........ 31
7.8 Universiteitsvermoëboutoelaag ("UCDG") ........ 32
7.9 Studentetredhouprojek ........ 32
7.10 Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge ........ 33
7.11 Korporatiewe kommunikasie ........ 35
7.12 Senior aanstellings ........ 39
7.13 Desentralisasie van akademiese aanstellings en bevorderings ........ 39
7.14 Dienste aan studente ........ 40
7.15 Inligtingsgrafika oor studente en personeel ........ 40
7.16 Meer volhoubare intekenrekening vir Biblioteek ........ 41
7.17 Nuwe Matiewinkel en US-winkel ........ 41
7.18 Steinhoff Internasionaal ........ 42
7.19 Naamsverandering vir die Registrateursafdeling ........ 42
8. Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek ........ 43
8.1 HB Thom Teater en Dramaprojek ........ 43
8.2 Ingenieurswesekompleks ........ 44
8.3 Biomediese Navorsingsfasiliteit-projek ........ 44
8.4 Ander bouprojekte ........ 45
9. Slot ........ 46
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE ........ 47

## 1. Inleiding

Welkom by die eerste Raadsvergadering van 2018 – die jaar van die Universiteit Stellenbosch (US) **Eeufees**. Ons gee erkenning aan die meer as 250 000 alumni en studente, opvoeders, navorsers en professionele en administratiewe steunpersoneel sowel as ons bestuur-en-beheerstrukture wat hierdie instelling help vorm en sy reputasie as ’n wêreldklas- akademiese instelling help vestig het. Terselfdertyd erken ons hierdie instelling se bydrae tot die onreg van die verlede, waarvoor ons ’n **restitusieverklaring** opgestel het om ons diepe berou oor te dra: Ons vra onvoorwaardelik om verskoning aan die gemeenskappe en individue wat uitgesluit was van die historiese voorregte wat die US geniet het. Ons vereer ook die kritiese Matiestemme van daardie tyd, wat aanhou praat het al is hulle verstoot. Uit verantwoordelikheid teenoor huidige en toekomstige geslagte verbind die US hom onvoorwaardelik tot die ideaal van ’n inklusiewe wêreldklasuniversiteit in en vir Afrika.

Een van daardie kritiese stemme was **prof Sampie Terreblanche**, wat op 17 Februarie oorlede is. Ons bring hulde aan hom as ’n legendariese politieke ekonoom, geliefde en inspirerende dosent vir duisende studente, en vreeslose kampvegter vir die beëindiging van apartheid.

Die US staan voor twee groot uitdagings hier aan die begin van ons Eeufeesjaar – studentegelde en die waterkrisis in die Wes-Kaap.

Voormalige president Jacob Zuma het op 16 Desember 2017 **fooivrye hoër onderwys** aangekondig, al het die Heher-kommissie sy bedenkinge oor die haalbaarheid daarvan uitgespreek. Nou kom die hoëronderwyssektor voor verskeie vraagstukke te staan: Hoe sal fooivrye hoër onderwys gefinansier word? Watter implikasies hou dit vir ander staatstoekennings aan universiteite in? Wat van universiteite se outonomie om self hulle vlak van studentegeld te bepaal? Ook die US worstel met al hierdie kwessies en soek in samewerking met die res van die sektor na proaktiewe oplossings

Wat die **waterkrisis** betref, is die US soos altyd verbind tot die akademiese projek, en van plan om die instelling oop te hou ondanks die watertekorte. Enige vermindering in watergebruik, byvoorbeeld wanneer studente vir die April-reses huis toe gaan, sal welkom wees, maar ons wil nie die Universiteit sluit nie. Deur personeellede en studente se daadwerklike pogings het die US in Januarie vanjaar 30% minder water as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar verbruik, maar ons streng besparingsmikpunte bly geld. Water is ’n skaars hulpbron in ons land, en ons doen voortdurend ’n beroep op alle personeellede en studente om ons inisiatiewe te ondersteun en water verantwoordelik te gebruik.

Soos baie Suid-Afrikaners, is ek versigtig optimisties oor die verandering in politieke leierskap en die positiewe potensiaal van die Ramaphosa-administrasie. Ek het ook my opregte gelukwense oorgedra aan **minister Naledi Pandor** met haar aanstelling as nasionale minister van hoër onderwys en opleiding. Ons is trots op haar prestasies as ’n oud-Matie en waardeer die warm verhouding wat die US met haar kon bou in die verskillende portefeuljes waarin sy oor die jare gedien het. Ek is veral ingenome met haar terugkeer na die portefeulje hoër onderwys en opleiding. Met haar geesdrif vir en ervaring in die onderwys, navorsing, wetenskap en tegnologie glo ek sy sal ’n nuwe koers aandui vir die sektor, wat die afgelope tyd heelwat onstuimigheid beleef het.

Op ’n toekomsgerigte noot is werk aan die **US Visie 2040** en **Strategiese Raamwerk 2019–2024** in ’n gevorderde fase. Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, het die afgelope jaar ’n raadplegende proses in dié verband gelei. Op grond daarvan kon die Institusionele Beplanningsforum op 13 en 14 Februarie kommentaar lewer, wat nou op ’n eerste konsep sal uitloop. Hierdie eerste konsep sal vanaf Maart aan ’n verdere rondte oorlegpleging onderwerp word voordat die finale konsep vir goedkeuring voor die Raad sal dien. Die US se Visie en Strategiese Raamwerk sal ons strewes by die aanvang van ons tweede eeu as ’n universiteit verwoord, sowel as hoe ons beplan om daardie strewes te verwesenlik. Dankie aan almal wat bygedra het tot dié roetekaart, wat hierdie gerespekteerde instelling tot selfs hoër hoogtes sal voer.

By hierdie Raadsvergadering is prof Eugene Cloete, Viserektor: **Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie** (NINS), aan die beurt met sy eie omvattende jaarverslag. In hierdie algemene bestuursverslag lig ek dus net ’n paar ontwikkelings in sy verantwoordelikheidsentrum (VS) uit. Raadpleeg gerus sy verslag vir vollediger besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **26 Oktober 2017** (die VS-sperdatum vir die vorige Raadsvergadering van 27 November 2017) **tot 21 Februarie 2018** (sperdatum vir die vergadering van 26 Maart 2018), met ’n paar uitsonderings om vir beduidende ontwikkelings buite hierdie tydperk (tot en met my sperdatum van **7 Maart 2018**) voorsiening te maak. Ek verwelkom hierdie geleentheid om met medelede van die Raad in gesprek te tree.

# 2. Verbreding van toegang

Die verbreding van toegang is een van drie oorhoofse strategiese prioriteite in die US se *Institusionele Voorneme en Strategie (IVS) 2013–2018*. Dit hou spesifiek verband met die eerste aspek van ons Visie 2030 – om meer inklusief te word. En in die US se *Institusionele Plan (IP) 2018–2023* word die verbreding van toegang verder uitgepak as een van sewe institusionele strategieë. Daar word genoem dat ons dit nastreef deur, onder meer, die diversiteitsprofiel van ons personeel- en studentekorps te verhoog.

## 2.1 Diensbillikheid

Bruin, swart en Indiër- **(BSI-)personeel** het in **2017** sowat **24%** van die algehele akademiese personeelkorps aan die US uitgemaak teenoor 22% in 2016. Die persentasie wit akademiese personeel het in dieselfde tydperk van 78% tot 76% gedaal. Wat diensbillikheidsvlakke onder bestuurs- en nie-akademiese personeel by die US betref, het die persentasie BSI-personeel van 57% in 2016 tot 58% in 2017 gestyg. Hoewel die personeeldiversiteitsprofiel dus oënskynlik in die regte rigting beweeg, gebeur dit teen ’n **baie stadige tempo**. Ons sal baie harder hieraan moet werk.

## 2.2 Strategiese werwing van personeel

US-posadvertensies deur die normale kanale lei nie altyd tot ’n aansoekgroep wat divers genoeg is nie. Omvattende strategiese werwing het dus verlede jaar afgeskop. Ons Afdeling Menslike Hulpbronne het kragte saamgesnoer met BMC (People | Strategy | Transformed) (Edms) Bpk, ’n maatskappy wat van gekombineerde strategiese talentwerwingsprosedures gebruik maak, om meer kandidate uit die **aangewese groepe** te lok. Ons hoop dit sal die gewenste uitwerking hê.

## 2.3 nGAP

Die program vir ’n nuwe generasie akademici, oftewel nGAP, is ’n staatsinisiatief wat in Januarie 2015 goedgekeur is. Dit beoog om “hoogs bevoegde vakkundiges as nuwe akademici te werf aan die hand van sorgvuldig ontwerpte en gebalanseerde billikheidsoorwegings en met die vakgebiede met die grootste tekort in gedagte”.

Die US beskik tans oor 12 nGAP-poste wat gedurende die vorige drie fases van die inisiatief toegeken is. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het in Januarie fase 4 aangekondig, wat ’n verdere 100 poste landwyd beskikbaar stel. Hierdie poste word volgens die nasionale behoefte in die hoër onderwys geprioritiseer, en WTIW-omgewings (wiskunde, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde) geniet voorrang. Menslike Hulpbronne het die dekane van al ons fakulteite genooi om **aansoeke in te dien**.

## 2.4 Finansiële bystand aan studente

Die US het ’n proaktiewe filosofie en benadering met betrekking tot die bestuur van finansiële bystand aan behoeftige studente. Die Afdeling Beurse en Lenings het die volgende beleide en praktyke in dié verband:

***Sluitingsdatum vir finansiële bystand, 31 Augustus:*** Die Universiteit se webtuiste oor finansiële bystand en beurse bevat 'n algemene boodskap aan voornemende en huidige studente om voor die sluitingsdatum aansoek te doen vanweë die beperkte beskikbare bedrag om studente in nood by te staan.

Voorlopige finansieringsaanbiedinge vir 2018 is betyds uitgestuur – in November 2017 vir nuwelingstudente, en in Desember vir terugkerende studente wat reeds US-finansiering ontvang.

Hierdie proses stel die finansiëlebystandkantoor in staat om studente te help wat nog op 'n antwoord van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) wag, om te registreer en onmiddellik toegang tot geld vir kos, boeke en privaat huisvesting te bekom.

Tog het 'n beduidende getal nuwelinge versuim om teen 30 November 2017 om NSFAS-finansiering aansoek te doen, en moes hulle na aanleiding van die presidensiële aankondiging (sien 2.5 hieronder) vir die nuwe DHOO-beursskema oorweeg word omdat hulle bruto huishoudelike inkomste minder as R350 000 per jaar is. Die meeste van hierdie studente is arm en het nie genoeg finansiering om die verpligte eerste paaiemente van hulle klas- en/of huisvestingsgeld te betaal nie. Hoewel die finansiëlebystandkantoor nie ál hierdie studente kon help terwyl hulle op 'n antwoord van die DHOO wag nie, is hulle toegelaat om te registreer in gevalle waar die institusionele voorafsifting daarop gedui het dat hulle wél vir die nuwe DHOO-finansiering in aanmerking kom.

***Volfinansieringsbenadering:*** Studente in finansiële nood word ingevolge die nasionale NSFAS-middeletoets gefinansier, wat impliseer dat alle beskikbare finansiering (met inbegrip van NSFAS) gemoduleer word om eerder minder studente ten volle te finansier as om meer studente deels te finansier. Studente wie se ouers volgens die middeletoets nie kan bydra nie, ontvang genoeg bystand om hulle klasgeld, huisvesting, etes en handboeke mee te betaal.

***Oortrekkingsfasiliteit vir NSFAS-finansiering:*** 'n Oortrekkingsfasiliteit is vir NSFAS-toekennings geregistreer om NSFAS-gefinansierde studente wat tussentydse finansiële bystand van die US ontvang, in staat te stel om hulle handboeke te koop en ten tyde van registrasie vir hulle privaat huisvesting en etes te betaal.

## 2.5 Presidensiële verklaring oor gratis hoër onderwys

Die president het op 16 Desember 2017 aangekondig dat die regering "ten volle gesubsidieerde, gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas-Suid-Afrikaners" sal voorsien, en dat dít in 2018 **deur NSFAS** aan eerstejaars beskikbaar gestel sal word.

"Arm en werkersklas" verwys na voornemende studente uit gesinne met 'n huishoudelike inkomste van **tot R350 000 per jaar**, terwyl "huishoudelike inkomste" slegs op grond van die voornemende student se direkte gesinsinkomste (d.w.s. die inkomste van studente se ouers, wettige voogde of huweliksmaats) bereken word.

Om hieraan uitvoering te gee, is die huidige algemene leningsfonds van die DHOO in 'n beursskema vir arm en werkersklas-Suid-Afrikaners omskep. Die **DHOO-beursskema** sal oor vyf jaar vanaf 2018 ingefaseer word sodat studente in alle voorgraadse studiejare teen 2022 daarby sal baat vind. Volgens vroeë aanduidings sal meer as 450 van ons eerstejaarstudente vir hierdie nuwe volkostebeursskema in aanmerking kom. Dit sal toegang aan die US verder help verbreed.

## 2.6 Oorbruggingsfinansiering van die DHOO in 2018

Eerstejaarstudente uit gesinne met 'n bruto inkomste van meer as R350 000 tot en met R600 000 per jaar – die sogenaamde **ontbrekende middel** ("missing middle") – moet by die DHOO om die beloofde oorbruggingsfinansiering ("gap funding") van 8% aansoek doen. Die finansiering is bedoel om vir die algemene aanpassing van 8% in studiegeld te vergoed waarop die meeste universiteite – insluitend die US – vir vanjaar besluit het.

Eerstejaars uit skole in kwintiel 1, 2 en 3 (wat die Departement van Basiese Onderwys bepaal), sowel as diegene wat in 2018 uit die DHOO-beursskema gefinansier sal word, kom egter outomaties in aanmerking vir bostaande toelaag van 8% en hoef dus nie aansoek te doen nie.

## 2.7 Ikusasa-finansiëlebystandprogram (ISFAP)

Die Ikusasa-finansiëlebystandprogram (ISFAP) het op 30 Januarie die volgende aankondiging gemaak oor sy sinergie met finansiële bystand van die DHOO/NSFAS:

- ISFAP sal studente finansier wat by die program aansoek doen, oor ʼn huishoudelike inkomste van tussen R350 000 en R600 000 beskik, en beplan om vir sekere aangewese grade te studeer. By die US is dié grade **Ingenieurswese**, **MB,ChB**, **Arbeidsterapie**, **Fisioterapie**, **BCom Aktuariële Wetenskap** en **B Rekeningkunde**.
- ISFAP en die DHOO het daaroor ooreengekom dat studente wat by sowel NSFAS as ISFAP aansoek doen deur ISFAP gefinansier sal word, en die NSFAS-finansiering sal verval.

ISFAP het sedertdien sy eerste lys US-spesifieke kandidate uitgereik. Volgens die lys wat by die US ingedien is, het **88 studente** tot dusver by die Universiteit geregistreer. Dit is belangrik om daarop te let dat 81 van hierdie geregistreerde studente wél in die aangewese fakulteite/grade is, wat met die memorandum van verstandhouding tussen die US en ISFAP strook.

Wat betref DHOO/NSFAS-finansiering vir studente met ʼn algehele huishoudelike inkomste van tot en met R350 000, het 34 van die geregistreerde studente ʼn amptelike aanbod ontvang. Die DHOO/NSFAS-toelaag sal nou in ISFAP-steun omgeskakel word. ʼn Verdere 21 studente het ander vorme van finansiering bekom, onder meer die US-spesifieke werwingsbeurs.

In die huidige proeffase sal ISFAP nie enige lenings aan studente in die eerste en tweede studiejaar toestaan nie, en alle aanbiedinge sal in die vorm van toelaes wees. Die finansieringsmatriks word tans aangepas om ISFAP se nuwe huishoudelike-inkomstedrempel, naamlik bo R350 000, in ag te neem.

## 2.8 Die Vlakte-beurse

ʼn Aankondiging oor die volgende rondte beurse vir afstammelinge van diegene wat ʼn halwe eeu gelede deur gedwonge verskuiwings uit **Die Vlakte** geraak is, is op 1 Maart 2018 gedoen. Die ses ontvangers is die derde stel begunstigdes sedert ek die stigting van die fonds in my inhuldigingsrede in 2015 as ʼn vorm van regstelling deur die US aangekondig het. Meer as R1 miljoen se beurse is tot dusver toegeken.

Hoofsaaklik bruin mense het in die jare sestig en sewentig slagoffers van die Groepsgebiedewet geword toe hulle met geweld verwyder is uit ʼn Stellenbosse woongebied wat deels met ons kampus oorvleuel het. Hoewel dít die destydse regering se opdrag was, het die US nie daarteen beswaar gemaak nie, en later daaruit voordeel getrek toe van die onteiende grond aan die Universiteit oorgedra is.

ʼn Gemeenskapskomitee help elke jaar aansoekers se verbintenis met Die Vlakte bevestig, terwyl ʼn komitee van drie gemeenskapslede en drie US-personeellede die toekenningskriteria toepas.

## 2.9 Registrasie 2018

Ons is dankbaar dat die registrasietydperk aan die begin van die jaar **suksesvol** verloop het. Wat veral hiertoe bygedra het, was **voortdurende skakeling** met verskillende belanghebbendes oor hindernisse wat verhoed dat studente registreer. Om hierdie hindernisse uit die weg te probeer ruim, het die Registrateursafdeling, Studentegelde, Studentesake, Voornemende Studente, Toelating en Koshuisplasing, die Afdeling Voorgraadse Beurse en Lenings, die Kliëntedienssentrum sowel as die nuwe Studenteraad (SR) en ander studenteorganisasies almal saamgewerk.

Soos die vorige jaar, het die Registrateur weer teen die einde van 2017 ’n **registrasietaakgroep** byeengeroep om proaktief en geïntegreerd vir die registrasietydperk van 2018 te beplan. Die Suid-Afrikaanse hoëronderwyskonteks het die afgelope paar jaar drasties verander. Van die faktore wat tot moontlike ontwrigtings gedurende die registrasietydperk kon gelei het, was die #FeesMustFall-studenteprotes in 2015 en 2016, onvoldoende staatsfinansiering vir hoëronderwysinstellings, verwagtinge ná die president se uitsprake oor gratis hoër onderwys vir arm mense en die werkersklas, en die daaropvolgende onsekerheid oor die implementering van die nuwe finansieringsmodel.

Die taakgroep het voortdurend die jongste kommunikasie van die DHOO en NSFAS ontvang en prosesse ingestel om aan die nuwe vereistes te voldoen. Die logistiek verbonde aan die skep van ’n verwelkomende kultuur gedurende die registrasietydperk, toubestuur, doeltreffende studenteverwysings, die uitreik van studentekaarte sowel as senior studente se betrokkenheid by registrasie is ook bespreek.

Desember 2016 en Januarie 2017 het die US waardevolle lesse geleer oor **kommunikasie met studente** in verband met studentegeldaanpassings, registrasie vir die nuwe akademiese jaar, finansiële steun vir akademies verdienstelike arm studente, en spesiale reëlings vir die betaling van die eerste studiegeldpaaiement. Vir die akademiese jaar 2018 is ’n soortgelyke benadering gevolg, wat selfs belangriker geword het ná die president se aankondiging. Die voorsiening van tersaaklike en konsekwente inligting, benewens doeltreffende interne prosesse om navrae te hanteer, het ’n belangrike rol vervul om onsekerheid te verminder.

Wat **instapaansoekers** betref, het die US twee rekenaars by ons hoofregistrasiegebou voorsien, waar die Kliëntedienssentrum aansoekers bygestaan het om op die DHOO se sentrale aansoekstelsel (CACH) te registreer. Sowat 600 besoekers het van hierdie rekenaars gebruik gemaak. Ons het **geen sekuriteitsverwante voorvalle** gedurende registrasie gehad nie. Studenteverteenwoordigers van die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) en die Suid-Afrikaanse Studentekongres (SASCO) het by ons registrasiegeboue lede vir hulle organisasies gewerf, maar dit was in geen stadium nodig vir ons sekuriteitspersoneel om in te gryp of betrokke te raak nie.

## 2.10 Verwelkoming van studente

Meer as **5 000 studente** het van 25 Januarie tot 6 Februarie aan die US se verwelkomingsprogram deelgeneem. Studenteleiers het help verseker dat nuwelinge ’n verwelkomende kultuur ervaar. Nuwelinge is ook oor die beskikbare geleenthede in die ko-kurrikulêre ruimte ingelig. Monitors het ’n aktiewe rol vervul om te sorg dat koshuis- en PSO-verwelkomingsprogramme aan die beginsels van menswaardigheid, gasvryheid en vriendelikheid voldoen. Soos voorheen, sal ’n vraelys weer onder alle nuwelinge versprei word om hulle terugvoering oor die verwelkomingstydperk te bekom.

Benewens die program op institusionele vlak, het **fakulteite** ook hulle eie verwelkomingsaktiwiteite aangebied. Een daarvan was ’n openingsplegtigheid by die Militêre Akademie op Saldanhakampus. En die Fakulteit AgriWetenskappe het sowel sy eie as die US se totstandkoming 100 jaar gelede herdenk met die seremoniële aanplanting van 100 jong inheemse bome op die Welgevallen-proefplaas op Stellenbosch.

**SciMathUS** se amptelike opening was op 5 Februarie. Hierdie program in die Fakulteit Opvoedkunde bied jaarliks 100 leerders wat reeds graad 12 geslaag het, maar nie vir hoër onderwys in aanmerking gekom het nie, ’n tweede geleentheid om hulle Nasionale Senior Sertifikaat-punte in bepaalde vakke te verbeter om opnuut om universiteitsprogramme aansoek te doen. Sedert die aanvang van die program in 2001 het meer as 1 100 studente dit al suksesvol voltooi.


Die **Maties Sport-verwelkomingsfees** het aan elke sportsoort die geleentheid gebied om hulleself aan die nuwelinge voor te stel, terwyl eerstejaarstudente kon vrae stel, by klubs kon registreer en hul lojaliteit aan die US kon toesê. Dít maak deel uit van Maties Sport se verbintenis om ’n gesonde en aktiewe leefstyl onder studente aan te moedig.


## 2.11 Voorgraadse inskrywings


Registrasie het op 12 Januarie ’n aanvang geneem en op 16 Februarie gesluit. Voorgraadse inskrywingstatistieke – met inbegrip van nuwelingeerstejaars – word **HIERONDER SAAMGEVAT**. (Klik hier vir die volledige verslag, wat onder meer fakulteitsyfers bevat. Dit kan ook op die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) se paneelbord besigtig word, tesame met ’n magdom ander nuttige institusionele data.)

***Alle voorgraadse (VG) inskrywings***





1% — 1% toename in getal VG inskrywings van 2017 tot 2018


4% — 3,9% toename in getal VG SBIA[1]-inskrywings van 2017 tot 2018


1% — Een persentasiepunt toename in VG %SBIA van 2017 tot 2018

2% — Twee persentasiepunte afname in VG %Afrikaans van 2017 tot 2018

***Nuwelingeerstejaar- (NE-)inskrywings***




2% — 2018: Werklike getal NE’s 1,8% hoër as **Junieteiken**


Werklike getal NE’s in 2018 0,4% laer as in **2017**


4% — 2018: Werklike getal wit NE’s 4,1% hoër as **Junieteiken**


1% — Werklike getal wit NE’s in 2018 1,1% laer as in **2017**

2% — 2018: Werklike getal SBIA-NE’s 1,6% laer as **Junieteiken**

Werklike getal SBIA-NE’s in 2018 0,6% hoër as in **2017**




1% — 2018: Werklike NE %SBIA een persentasiepunt laer as Junieteiken

3% — Daling van 2,7% in getal NE’s met Afrikaans as huistaal van 2017 tot 2018

1% — Daling van een persentasiepunt in NE %Afrikaans van 2017 tot 2018

---

[1] SBIA: Swart Afrikaan, bruin, Indiër en Asiër.

**Nuwelingeerstejaarinskrywings volgens sosio-ekonomiese groep**

Die US se Toelatingsbeleid is verlede jaar hersien in pas met ons strewe om toegang te verbreed en transformasie te verdiep. ’n Nuwe dimensie – sosio-ekonomiese benadeling – is bygevoeg, en word vir die eerste keer in die NE-inname van 2018 weerspieël. (Aangesien die sosio-ekonomiese data oor NE’s in die Fakulteit Krygskunde beperk is, word daardie fakulteit van verslagdoening oor sosio-ekonomiese faktore uitgesluit.)

’n Algehele sosio-ekonomiese faktor op grond van ’n puntetelling per faktor is soos volg aan elke student toegeken:


| | | |
|---|---|---|
| Eerstegenerasiestatus (maks 2 punte) | 2 punte: | Hoogste kwalifikasie van ouers/voog graad 12 of laer |
| | 1 punt: | Hoogste kwalifikasie van ouers/voog sertifikaat of diploma |
| | 0 punte: | Hoogste kwalifikasie van ouers/voog universiteitsgraad |
| Onderwysfaktor (maks 4 punte) | 4 punte: | Skoolkwintiel 1 tot 3 OF skoolgeld minder as R1 500 |
| | 2 punte: | Skoolkwintiel 4 OF skoolgeld tussen R1 500 en R5 000 |
| | 0 punte: | Skoolkwintiel 5 OF skoolgeld meer as R5 000 |
| Ekonomiese faktor (maks 2 punte) | 2 punte: | Gesin ontvang staatspensioen OF kindertoelaag[2] |
| | 0 punte: | Gesin ontvang nie staatspensioen OF kindertoelaag nie, en student het ook nie skoolbeurs op grond van finansiële nood ontvang nie |

*Tabel 1: Hoe studente se sosio-ekonomiese status bereken word*

Vir verslagdoeningsdoeleindes is die tellings soos volg ingedeel:

- 0: Geen sosio-ekonomiese benadeling nie
- 1-3: Lae sosio-ekonomiese benadeling
- 4-5: Matige sosio-ekonomiese benadeling
- 6-8: Hoë sosio-ekonomiese benadeling

Die verdeling van NE’s volgens sosio-ekonomiese kategorie vir 2017 en 2018 word hieronder uitgebeeld.





*Figuur 1: NE-verdeling volgens sosio-ekonomiese kategorie, 2017 en 2018 (finale registrasies, met uitsluiting van die Fakulteit Krygskunde)*

Die persentasie NE’s in die kategorie vir **hoë sosio-ekonomiese benadeling** (blou hierbo) het met **een persentasiepunt tot 8% in 2018 toegeneem**.

[2] Inligting oor staatspensioene en kindertoelaes is slegs sedert die inname van 2016 beskikbaar.


## 2.12 Koshuisplasing van eerstejaars

Na afloop van die amptelike registrasietydperk is die diversiteitsprofiel van eerstejaars in Universiteitskoshuise op Stellenbosch- en Tygerbergkampus saam nou **byna 50:50** (sien *tabel 2* hieronder). Daar word dus vordering gemaak met die verbreding van toegang.




*Tabel 2: Diversiteitsprofiel van eerstejaars in Stellenbosch- en Tygerbergkoshuise, 2017–2018*

Die impak van die US se nuwe Koshuisplasingsbeleid, wat in 2014 in werking getree het, is veral merkbaar op Stellenbosch (sien *tabel 3* hieronder). Die persentasie Swart Afrikaan, bruin, Indiër en Asiër (**SBIA)**-eerstejaars wat hier in Universiteitskoshuise geplaas is, het toegeneem **van 34% in 2013 tot 47% in 2018** (soos aangedui in die tweede stel kolomme hieronder).




*Tabel 3: Diversiteitsprofiel van eerstejaars in Stellenboschkoshuise, 2013–2018*

'n Belangrike bydraende faktor vanjaar was die toename in studente wat op grond van die **nuwe nasionale finansieringsmodel** vir finansiële steun in aanmerking kom. Nuwelinge wat DHOO-finansiering sou ontvang, het gedurende die registrasietydperk voorrang vir koshuisplasing geniet. Die Afdeling Koshuisplasing het ten nouste met die Afdeling Beurse en Lenings geskakel om aansoekers se besonderhede na te gaan, sowel as met studenteleiers om doeltreffend te kommunikeer met studente wat finansiering ontvang het, maar nog geen huisvesting nie.

Hoewel 'n beduidende getal studente geplaas kon word weens kansellasies, kon ons steeds nie vir almal 'n heenkome bied nie. Baie is na privaat, geakkrediteerde huisvesting verwys. Een van ons

grootste uitdagings bly die **tekort aan toeganklike en bekostigbare huisvesting** vir ons studente in finansiële nood. Laat NSFAS-aanbiedinge is ook ’n probleem en veroorsaak angstigheid by studente wat sonder blyplek op kampus aankom.

### 2.13 US Opedag 2018

By sy jaarlikse Opedag op Saterdag 24 Februarie het die US weer sy deure vir voornemende studente van alle dele van Suid-Afrika oopgegooi. Leerders in graad 11 en 12 van oor die hele land het die geleentheid gehad om meer oor studiemoontlikhede aan die Universiteit uit te vind. Sowat 8 000 mense het die aktiwiteite op Stellenboschkampus bygewoon, en 3 000 op Tygerbergkampus.

Die Opedag is ’n geleentheid vir die US om skole, onderwysers, ouers en voornemende studente te bereik. Hoofsaak is om **aansoeke vir volgende jaar se inname aan te moedig**, wat op 1 Maart vanjaar geopen het.

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies tref die reëlings vir die Opedag, wat as ’n eenstopwinkel met omvattende inligting vir voornemende studente dien. Fakulteite dra inligting oor akademiese programme by, navrae oor loopbaankeuses, studiegeld sowel as beurse en lenings word hanteer, terwyl ander aspekte van die studente-ervaring, waaronder ko-kurrikulêre aktiwiteite, sport, kultuur, studenteverenigings en die studentelewe, ook aangeroer word.

By vanjaar se geleentheid is uurlikse algemene inligtingsessies aangebied oor hoe om aansoek te doen om toelating en koshuisplasing, finansiële bystand, hoe om ’n kursus te kies, studentesteun (wat studente met spesiale leerbehoeftes insluit), taalsteun sowel as kampusveiligheid. Hierdie sessies is ook regstreeks oor die internet uitgesaai vir voornemende studente en ouers wat nie fisies daar kon wees nie.

’n Nuwe Opedagontwikkeling op Stellenboschkampus was ’n tent in Bosmanstraat waar Studentesake leerders van inligting oor universiteitshuisvesting en privaat verblyf voorsien het. Alle universiteitskoshuise was vir die dag oopgestel vir besigtiging, en voornemende studente kon ook vooraf vir middagete in ’n US-koshuis bespreek.

Leerders wat in hoëprestasiesport belang stel, kon op die Rooiplein met Maties Sport se studente-atlete en sportbestuurders gesels. ’n ‘Droommuur’ op die Rooiplein het voornemende Maties ook die geleentheid gebied om hulle toekomswense en -strewes neer te skryf.

Volgens die uitslag van ’n opname wat op die dag gedoen is, het Opedagbesoekers die geleentheid ’n gemiddelde telling van 83% gegee, en 75% het gesê hulle beplan om aansoek te doen om in 2019 by die US te studeer.

## 3. Behoud van momentum van uitnemendheid

Uitnemendheid is ook een van die oorhoofse strategiese prioriteite in ons *IVS 2013–2018*. In daardie dokument word dit gekoppel aan die tweede element van ons Visie 2030 – om meer innoverend te word. En in ons *IP 2018–2023* is behoud van ons momentum van uitnemendheid een van ons sewe institusionele strategieë. Ons doen dit deur ons studentesukses hoog te hou en deur die Universiteit as een van die voorste navorsingsintensiewe instellings in Afrika te posisioneer.

### 3.1 Wêreldranglyste

Die US het in 2017 amptelik aan die Times Higher Education-ranglys (**THE**) en die Shanghai-akademiese ranglys van wêrelduniversiteite (**ARWU**) deelgeneem. Die QS-wêrelduniversiteitsranglys (**QS WUR**), QS BRICS-universiteitsranglys (**QS BRICS**) en CWTS Leiden-ranglys (**CWTS Leiden**) het ook die US op grond van opnames, navorsingsdatabasisse en ander openbare data beoordeel (hoewel ons nie aan hierdie ranglyste deelgeneem het nie).

| | 2014 | | 2015 | | 2016 | | 2017 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wêreld-posisie | Nasionale posisie | Wêreld-posisie | Nasionale posisie | Wêreld-posisie | Nasionale posisie | Wêreld-posisie | Nasionale posisie |
| THE | 301–350 | 3de | 276–300 | 3de | 401–500 | 3de | 401–500 | 3de |
| ARWU | 401–500 | Gesamentlik 2de | 401–500 | Gesamentlik 2de | 401–500 | Gesamentlik 2de | 351–400 | Gesamentlik 2de |
| QS WUR | 390 | 3de | 302 | 3de | 395 | 3de | 361 | 2de |
| QS BRICS | 34 | 3de | 34 | 3de | 35 | 3de | 47 | 4de |
| CWTS Leiden | 481 | 2de | 417 | 2de | 468 | 3de | 469 | 4de |

*Tabel 4: Die US se prestasie op vyf ranglyste die afgelope vier jaar*

Wat vakgebiede betref, is drie studierigtings aan die US weer onder die 100 beste ter wêreld op die **QS-wêrelduniversiteitsranglys volgens vak** (bekendgestel aan die begin van Maart 2018), naamlik Teologie, Landbou (albei in gleuf 51-100) en Ontwikkelingstudie (44ste plek). Hierdie prestasie word reeds die afgelope drie jaar gehandhaaf. ("Ontwikkelingstudie" is weliswaar nie as sodanig 'n selfstandige vak aan die US nie, maar QS reken 'n aantal van ons ontwikkelingsgerigte akademiese programme by hierdie rigting in, waaronder Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Volhoubare Ontwikkeling, en Stads-en Streeksbeplanning.)

## 3.2 Onderrigtoekennings

Die US het in 2017 'n jaarlikse stelsel van institusionele onderrigtoekennings ingestel. Die doel is om:

- uitnemende onderrig en leer in die hoër onderwys op institusionele vlak te ondersteun;
- 'n kader akademici te ontwikkel wat onderriginspirasie en -leierskap in hulle dissiplines en oor die hele instelling heen kan voorsien; en
- gesprek en openbare bewustheid te skep oor wat uitnemende onderrig behels.

Kandidate is aan die hand van 'n onderrigportefeulje deur hulle fakulteite benoem. Die aansoeke is deur 'n institusionele keuringskomitee geëvalueer, wat **13 toekennings van R25 000 elk** aan die volgende dosente gemaak het:

## 3.3 Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO)

In pas met sy Leer- en Onderrigbeleid het die US in 2005 die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) tot stand gebring om 'n kultuur van vernuwing en besinning op die gebied van onderrig en leer aan te moedig. Die fonds bied dosente 'n geleentheid om te innoveer, doeltreffende praktyke en prosesse te evalueer, en onderrig-en-leerprobleme, -oplossings en -tendense te ondersoek. Boonop dien dit as 'n meganisme vir die verspreiding van resultate wat ontwerp is om die gehalte van onderrig en leer te verbeter. Enige dosent, span dosente of sentrum vir onderrig en leer kan om 'n toekenning aansoek doen.

FINLO-toekennings word twee maal per jaar deur 'n subkomitee van die Komitee vir Leer en Onderrig gemaak. In die November-ronde verlede jaar is 19 FINLO-voorstelle ontvang, waarvan **18 gefinansier** is. Altesaam **R703 615 is toegeken**.

## 3.4 Akademieskap van Onderrig en Leer

Die **10de** Akademieskap van Onderrig en Leer- **(AvOL-)konferensie** het van 26 tot 28 Oktober 2017 plaasgevind. Die geleentheid het 'n dekade se innovasie en akademieskap van onderrig en leer aan

die US gevier. Die konferensie het met drie hoofsprekers – dr Antoinette van der Merwe (US), prof Brenda Leibowitz (Universiteit van Johannesburg) en prof Francois Cilliers (Universiteit van Kaapstad) – 75 referate en ongeveer 250 deelnemers gespog. Die referaat "Inhabiting a more ambiguous self: Using discomfort to explore issues of social justice" deur Marianne McKay van Wingerd- en Wynkunde het sowel die gehoor- as die algehele prys vir beste aanbieding gewen.

## 3.5 Kortkursus oor die akademieskap van onderwysleierskap

'n Nuwe kortkursus oor die akademieskap van onderwysleierskap (afgekort met "**SoEL**" in Engels) wat pasgemaak is vir die US-omgewing is vroeër vanjaar bekend gestel. Twaalf akademiese leiers van oor alle fakulteite en PASD- (professionele, administratiewe en steundiens-)omgewings by die US is gekies om die heel eerste aflewering van die kursus te volg. Dit sal in 'n gemengdeleermodus aangebied word deur middel van persoonlike sessies, aanlyn sessies, ideeruiling onder die kohort, sowel as kleingroepinteraksie. Die kortkursus, wat oor een jaar aangebied sal word, sal die volgende vier breë temas aanroer:

- Konteks en jou plek in jou konteks as 'n leier en vakkundige van onderrig en leer
- Navorsing oor onderrig en leer
- Pedagogiese leierskap
- Kurrikulumleierskap

Die assessering sluit 'n onderrigportefeulje en 'n wetenskaplike uitset (vaktydskrifartikel) in. Die groep akademici wat in 2016 die Universiteit van Brits-Columbië se kortkursus oor SoEL voltooi het, sal as hierdie eerste kohort se mentors optree. Die kortkursus, wat in 2019 herhaal sal word, beoog om 'n sterk groep **onderrig-en-leerleiers by die US te ontwikkel** wat die nodige denkleierskap in hulle onderskeie omgewings en in die groter instelling sal kan bied.

## 3.6 Gradeplegtighede, Desember 2017

By die agt gradeplegtighede van 4 tot 8 Desember 2017 het die US weer 'n **rekordgetal kwalifikasies** toegeken – **5 771**, vergeleke met 5 418 in 2016 en 5 036 in 2015. Die getal **doktors- (141)** en **magistergrade (562)** wat toegeken is, het ook toegeneem.

Onder die vele hoogtepunte was die graduering van 66 voormalige HOOP@Maties-studente en 49 voormalige SciMathUS-studente. Hierdie inisiatiewe is **universiteitsvoorbereidingsprogramme** van die US wat bedoel is om leerders van benadeelde skole beter toegang te bied.

Die **Kanseliersmedalje** vir akademiese prestasie is oorhandig aan me Jacqueline Kazmaier, wat 'n BIng-graad in Bedryfsingenieurswese met 'n gemiddeld van 89,7% oor haar vier studiejare verwerf het.

Die volgende personeellede het 'n **Kanselierstoekenning** ontvang:

- Prof LJ Barbour, Chemie en Polimeerwetenskap
- Mnr CJ Fourie, Registrateursafdeling
- Prof S Seedat, Psigiatrie
- Prof LLL le Grange, Kurrikulumstudie
- Dr T van Louw, SUNSEP
- Mnr JJS Kotze, Menslike Hulpbronne
- Mnr HAJ Lombard, Finansies
- Me AJ Nel, Innovus en Kommersialisering
- Prof MJ de Waal, Privaatreg
- Prof GA Musila, Engels
- Prof LP Swartz, Sielkunde
- Dr AD van der Merwe, Leer- en Onderrigverryking
- Prof AEJ Mouton, Ou en Nuwe Testament

- Prof MJ Kamper, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
- Prof HC Boshoff, Ondernemingsbestuur

Die volgende individue het **eredoktorsgrade** ontvang:

- Mnr Omar Badsha, een van Suid-Afrika se voorste dokumentêre fotograwe
- Prof Glenda Gray, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad
- Prof Markus Reuter, ’n internasionaal gerekende ingenieur en akademikus

## 3.7 Spesiale eredoktorsgrade in die US se Eeufeesjaar

Met die oog op die US se Eeufees in 2018 het die Raad verlede jaar die toekenning van ’n groter getal eredoktorsgrade as gewoonlik goedgekeur. Die ontvangers is vooraanstaande plaaslike en internasionale denkleiers. Hulle vergestalt nie net die kenmerke van die gegradueerde wat ons by ons studente wil inskerp nie, maar ook die eienskappe waarmee ons graag die toekoms wil aanpak noudat ons die US se tweede eeu as ’n toonaangewende universiteit betree. Die name van die 14 ontvangers is in Februarie aangekondig, en verskyn in alfabetiese volgorde hieronder:

- **Prof dame Glynis Breakwell**, wêreldbekende sielkundige, sosiaalwetenskaplike, navorser en visekanselier van die Universiteit van Bath in die Verenigde Koninkryk
- **Mnr Max du Preez,** beginselvaste en kompromislose joernalis en onafhanklike kommentator
- **Prof Musa Dube**, internasionaal gerekende akademikus en sosiaal-maatskaplike aktivis wat baanbrekerswerk op die gebied van MIV/vigs en geweld teen vroue en kinders verrig
- **Mnr Trueman Goba,** bedryfsleier, mentor vir jong ingenieurs, en kampvegter vir die transformasie van die Suid-Afrikaanse ingenieursberoep
- **Prof Peter Jones**, vooraanstaande kankernavorser, voorste mediese wetenskaplike op die gebied van epigenetika, en uitnemende akademikus
- **Prof Mervyn King**, voormalige regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en hoogs gerespekteerde kenner van korporatiewe bestuur
- **Aartsbiskop Thabo Cecil Makgoba**, ’n nugter stem in die samelewing, kampvegter vir gelyke toegang tot onderwys, en Anglikaanse aartsbiskop van Kaapstad
- **Mnr Patrice Motsepe**, baanbreker vir verantwoordelike korporatiewe burgerskap en ’n sakeman van formaat
- **Mnr Jannie Mouton**, bedrewe Suid-Afrikaanse sakeleier en filantroop
- **Prof Andre Nel**, internasionaal gerekende mediese wetenskaplike navorser op die gebied van die nanogeneeskunde
- **Prof Brian O’Connell**, formidabele onderwyskundige en voormalige visekanselier van die Universiteit van Wes-Kaapland
- **Me Sandra Prinsloo**, legendariese aktrise, regisseur en kulturele aktivis
- **Dr Imtiaz Sooliman**, internasionaal gerespekteerde humanitêre aktivis en stigter van Gift of the Givers
- **Barones Christine van den Wyngaert**, vooraanstaande Belgiese juris en akademikus

By die skryf van hierdie verslag sou ál die ontvangers buiten Breakwell hulle eredoktorsgrade by ons gradeplegtighede in Maart 2018 ontvang.

## 3.8 PhD's vir Afrika

### 3.8.1 Nagraadse Skool in Lettere en Sosiale Wetenskappe

In die US se Eeufeesjaar vier die Nagraadse Skool in ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe die mylpaal van meer as 100 **PhD-gegradueerdes** – **114** om presies te wees – van wie die meeste nou as navorsers en akademici by hoëronderwysinstellings oor die hele Afrika werk.

Die Nagraadse Skool is in 2010 tot stand gebring as die US se bydrae tot die Vennootskap vir Afrika se Volgende Generasie Akademici (PANGeA), 'n samewerkende netwerk van toonaangewende Afrika-universiteite (Botswana, Dar es Salaam, Makerere, Malawi, Nairobi, Stellenbosch, Ghana en Yaoundé I).

Die Nagraadse Skool koördineer 'n deels gestruktureerde, voltydse, drie jaar lange doktorale beursprogram in die Fakulteit, maar help skep ook 'n interaktiewe leeromgewing, konsentreer op fakulteitswye navorsingstemas, bied breedgebaseerde navorsings- en vakkundige steun, en versterk akademiese medewerking en mobiliteit deur via PANGeA met die voorste Afrika-universiteite saam te werk.

Die kandidate van die Nagraadse Skool kom van **18 lande in Afrika suid van die Sahara**, waaronder Suid-Afrika. Hulle het agt navorsingstemas oor 18 akademiese departemente heen bestudeer. Die gemiddelde jaarlikse kohortgrootte is 22, en die gemiddelde getal gegradueerdes 19. Meer as driekwart (76,5%) van die Nagraadse Skool se suksesvolle kandidate het hul **studie binne drie jaar of minder voltooi**.

### 3.8.2 Nagraadse Skool vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Die Nagraadse Skool vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ("**GEM**") vier vanjaar sy vyfde bestaansjaar. Die skool, wat 'n voltydse, residensiële doktorale program aanbied, is as deel van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se navorsingstrategie gestig. GEM se eerste voltydse PhD-studente het in 2014 met hulle drie jaar lange navorsingsprojekte begin. Die inisiatief is in 2015 verder uitgebrei met die vestiging van die Nagraadse Skool vir Personeel in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ("**STEM**").

GEM bied finansiële bystand wat gekoppel is aan 'n deels gestruktureerde steunprogram, en help studente met die inhoud van hulle studies om 'n **PhD oor drie jaar** te verwerf. Op sy beurt bied STEM 'n soortgelyke steunprogram wat **personeel** van die Fakulteit die geleentheid gun om oor **vier tot vyf jaar** deeltyds aan hulle PhD's te werk.

GEM het onlangs 'n nuwe studente-inname verwelkom, en het nou **30 voltydse** studente van **14 lande**, terwyl **22 personeellede** vir STEM ingeskryf is. Hoewel die meeste voltydse studente van elders in Afrika is, was die skool al gasheer vir studente uit China, Oostenryk, Nederland, die Verenigde Koninkryk (VK) en Duitsland.

### 3.8.3 Afrika Doktorale Akademie (ADA)

Die jaarlikse ADA-somerskool is van 4 tot 19 Januarie aangebied. Die **227 afgevaardigdes** kon uit 16 werksessies kies, elk 'n week lank. Altesaam 66% van die ADA-afvaardiging van 2018 was van Suid-Afrika, 32% van die res van die vasteland, en 2% van die res van die wêreld. Swart Afrikane het 68% van die afvaardiging uitgemaak, en vroue 54%. Die 16 werksessies het 'n wye verskeidenheid onderwerpe behandel, van voorbereiding vir 'n PhD en die skep van 'n suksesvolle proefskrif en navorsingsontwerp (kwantitatief en kwalitatief), tot die skryf en publikasie van 'n artikel gedurende die laaste fases van die PhD, sowel as doeltreffende wetenskaplike kommunikasie.

## 3.9 Jong akademiese sterre

Een manier waarop die US ’n nuwe generasie akademici ontwikkel, is deur ’n gestruktureerde program vir **nuwelingnavorsers**. Verskeie komponente van hierdie program is die afgelope sewe jaar in werking gestel. Dit word verder versterk deur finansiering van die DHOO se navorsingsontwikkelingstoelaag.

Die **mentorskapprogram** vir nuwelingnavorsers, wat tot dusver 145 jong navorsers met ervare navorsingsmentors in aanraking gebring het, is ook in die verslagtydperk voortgesit. Hierdie program rus nuwelinge toe om gevestigde navorsers te word, onder meer deur hulle in hulle PhD-studie en die amptelike graderingsproses van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) te ondersteun.

**Nadoktorale genote** bly ’n noodsaaklike komponent van ons navorserkohort en het ’n beduidende impak op die US se navorsingsuitsette. Die getal nadoktorale genote aan die Universiteit Stellenbosch het sedert 2015 met 40% toegeneem. Die eerste institusionele beleid oor die nadoktorale program het in Januarie 2017 in werking getree. Boonop is ’n hoogs suksesvolle nadoktorale navorsingsdag in November 2017 aangebied, waar nadoktorale genote met hulle navorsingsprestasies kon spog.

Weens die sukses van die **Consolidoc**-program is **22 genootskappe in 2017 toegestaan**, naamlik:

- 12 in die A-omgewing (Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Teologie, Opvoedkunde);
- 8 in die B-omgewing (Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, AgriWetenskappe); en
- 2 in die C-omgewing (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe).

Die Consolidoc-genootskappe wat verlede jaar toegestaan is, het 38 artikels opgelewer. Daarbenewens het vyf van hierdie Consolidoc-ontvangers nadoktorale genootskappe bekom – volgens hulle danksy die geleentheid wat Consolidoc hulle gebied het om hulle CV’s te versterk en nuwe navorsingsprojekte te formuleer.

In die nuwelingnavorserprogram **Thuthuka** het 41 jong navorsers in 2017 toekennings van altesaam R2,5 miljoen ontvang.


## 3.10 Bevordering van die navorsingsuitset

Volgens die DHOO se amptelike verslag oor publikasies van 2016 (wat in 2017 beoordeel is), was die geweegde navorsingsuitset per voltydse US-personeellid (publikasies sowel as nagraadse studente) 3,11. Die publikasieuitset per kop was 1,58. Dít het die US die **produktiefste** instelling in die land gemaak wat geweegde navorsingsuitset per kop betref.

Die kwessie van **roofpublikasie** en die gevolge daarvan vir die gehalte en integriteit van navorsingspublikasies hou vir alle hoëronderwysinstellings ’n uitdaging in. By die US probeer ons proaktief optree deur navorsers van hierdie verskynsel bewus te maak en maatreëls in te stel om dit te ontmoedig. Verskeie inligtingsessies is in 2017 vir US-navorsers aangebied om hulle op die risiko’s attent te maak.

## 3.11 US-innovasie maak saak

Die US-navorsingsuitset het weereens ’n hele aantal nuwe uitvindings opgelewer, soos die vergelykende grafiek van patentaansoeke in Suid-Afrika vir die tydperk 2009–2017 in figuur 2 hieronder toon. Dít is ondanks ’n afname in patentaansoeke by die Universiteit.





***Figuur 2: Patentaansoeke in Suid-Afrika (2009–2017)***
***(Bron: Webtuiste van die Wêreldorganisasie vir Intellektuele Eiendom)***

Innovus het ook 'n vergelykende studie van universiteite in die Verenigde State (VSA) gedoen met die hulp van die Vereniging van Universiteitstegnologiebestuurders (AUTM), die goudstandaard op die gebied. Die resultate toon dat US-navorsers hulle navorsing veel doeltreffender en doelmatiger as hulle eweknieë in Amerika doen. Die resultate word hieronder saamgevat.

Om optimale vergelykbaarheid te verseker, is die jaarlikse AUTM-opnamedata genormaliseer nadat die US sorgvuldig nagegaan het dat die korrekte definisies vir die vergelyking gebruik word.

Let daarop dat Innovus die AUTM-data met betrekking tot twee kernmaatstawwe oortref, naamlik uitgereikte lisensies en opsies, en die vorming van afwentelmaatskappye, wat albei afhang van die getal onthullings wat ontvang word.

*Figuur 3* hieronder toon die vergelyking tussen die US en die genormaliseerde AUTM-data vir US-navorsingsbesteding oor die tydperk 2011–2015. By die US het hierdie navorsingsbesteding op 217 onthullings uitgeloop (teenoor 128 by 'n gemiddelde Amerikaanse universiteit), wat 114 (VSA: 77) nuwe patentaansoeke opgelewer het, wat op sy beurt tot die uitreiking van 65 (VSA: 36) lisensies en opsies, en die vorming van tien (VSA: minder as vyf) nuwe afwentelmaatskappye gelei het. *Figuur 4* toon dieselfde data, maar vir 2016.




*Figuur 3: Vergelyking tussen US en genormaliseerde AUTM-data vir navorsingsbesteding, 2011–2015*

Vergeleke met die universiteite wat aan die AUTM-opname deelgeneem het, het **Innovus** vir die tydperk 2011–2015 én 2016 **meer as dubbel die getal lisensies en opsies** sowel as **afwentelmaatskappye** opgelewer per navorsingsdollar bestee.




*Figuur 4: Vergelyking tussen US en genormaliseerde AUTM-data vir US-navorsingsbesteding, 2016*

## 3.12 Wolkdataverwerking

Die US neem deel aan die Wes-Kaapse Vlak 2-datanoduskonsortium, wat in 2017 tot stand gebring is en ná ’n onlangse naamsverandering nou “ILIFU” (die Xhosawoord vir “wolk”) heet. Die ILIFU-projek bestaan uit drie subprojekte, naamlik die vestiging van wolktegnologieë vir data-intensiewe navorsing, die ingebruikneming van beste praktyke vir navorsingsdatabestuur (NDB) en die bevordering van infrastruktuursteun vir bioinformatika- en sterrekundenavorsing.

ILIFU-lede bestaan uit die Wes-Kaapse hoëronderwysinstellings, die Sol Plaatje-universiteit en die Suid-Afrikaanse Sterrewag (in die besonder die Square Kilometre Array-radioteleskoop). Finansiering vir die ILIFU-projek kom uit ’n toekenning van die Departement Wetenskap en Tegnologie.
Die toekenning word deur die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad se inisiatief vir data-intensiewe navorsing, DIRISA, bestuur.

Die US neem aan ál drie subprojekte deel, na gelang van waar ons hoofbydrae lê. Die **US se Afdeling Informasietegnologie** neem tans deel aan die verkryging van hardeware-infrastruktuur vir die projek, terwyl ons **Biblioteek- en Inligtingsdiens** tot die NDB-projekkomponent bydra. Die doel met laasgenoemde komponent is die skep van datariglyne vir goeie navorsingsdatabestuur, werksgeïntegreerde leerprogramme vir datakunde, beleidsoorwegings vir oop wetenskap, sowel as beste praktyke vir datauitruiling en -sitering.

## 3.13 Rekenaarnetwerk opgeknap

Die Afdeling Informasietegnologie (IT) versterk tans die netwerktoevoer na die US se studentekoshuise **van 1 Gb tot 10 Gb**. Dit behels onder meer die vervanging van hoofskakelaars by elke koshuis, sowel as die vervanging van koppelvlakverbinders by die IT- en ander tersaaklike geboue.

## 3.14 Maties Sport

**Hoofdirekteur vereer:** Ná drie jaar as Hoofdirekteur: Maties Sport is me Ilhaam Groenewald – die eerste vrou om in die uitvoerende raad van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie te dien – in November met ʼn Kanseliersmedalje vir Voortreflike Alumni van die Universiteit van Wes-Kaapland vereer. Sy het erkenning ontvang vir haar besondere bydrae tot die hoër onderwys en nasiebou in Suid-Afrika deur sport.

**Gradeplegtighede:** Meer as 65 studenteatlete het in Desember graad gekry, wat bewys dat dit moontlik is om suksesvol te studeer en terselfdertyd aan hoëvlaksport deel te neem. Die graduandi het ingesluit die Wêreldstudentespele-deelnemer Emma Chelius, Paralimpiese en wêreldkampioen Charl du Toit, Paralimpiese swemmer Hendri Herbst, SA vrouehokkiespeler Tarryb Glasby, Maties-netbalkaptein Megan Gossmann, en Maties se Varsitybekerkaptein vir 2018, Neil (Chippie) Oelofse.

**Hoëprestasieoefengroepe:** Daar was weinig ruskans vir ons hoëprestasiestudenteatlete oor die verslagtydperk. Die rugby- en krieketoefengroepe het in Desember begin oefen vir hulle kragmetings wat in Januarie afgeskop het. En die hokkie- en atletiekoefengroepe, wat nuwelinge insluit, het in Januarie byeengekom om met hulle oefensessies te begin.

**Varsitybeker:** Maties is boaan die punteleer ná ses wedstryde in die Varsitybekertoernooi. Ons span het oorwinnings behaal oor die Universiteit van Johannesburg, Shimlas, UP-Tuks, CUT en Ikeys, en gelykop teen Wits gespeel. Die wedstryd teen die Universiteit van Kaapstad (UK) by die Danie Craven-stadion op 5 Maart was deel van die US se Tuiskomsaktiwiteite en Eeufees-herdenking. Nes die US, het die UK ook in 1918 formele universiteitstatus verkry. ʼn Groot getal alumni, waaronder oud-Springbokke, het die wedstryd bygewoon.

**Varsity Krieket:** Maties Krieket het vierde geëindig in die Varsity Krieket-kompetisie van 29 Januarie tot 3 Februarie op Potchefstroom. Die span het vir die halfeindrondte gekwalifiseer, maar ongelukkig vasgeval teen NWU-Pukke. UP-Tuks het die titel ingepalm.

**Sokker**: Lelethu Skelem, ʼn niestudentelid van die Maties-sokkerspan wat aan die SAB-liga deelneem, is aan die einde van verlede jaar genooi om die Suid-Afrikaanse Voetbalvereniging (SAFA) se nasionale o.20-oefenkamp by te woon.

**Branderplankry:** Die USSA-kompetisie vir branderplankry het ook aan die begin van Desember plaasgevind. Maties se Shaun Joubert en Sam Sutton het onderskeidelik die USSA-titel vir mans en vroue gewen. Wat spanplasings betref, het die mans en vroue albei tweede geëindig.

**Swem:** Twaalf lede van die span wat gekies is om Suid-Afrika in April by die Statebondspele in Australië te verteenwoordig, het van 16 tot 18 Februarie aan die jaarlikse Grand Prix-swembyeenkoms by Coetzenburg deelgeneem. Hierdie swemmers het Cameron van der Burgh, Luan Grobbelaar, Michael Houlie, Erin Gallagher en Kate Beavon sowel as Maties Swem se Emma Chelius

en Christian Sadie ingesluit. Dit was ’n uitstekende geleentheid om ons fasiliteite ten toon te stel en vir ons Maties-swemmers om met van die beste in die land kragte te meet.

**Roei:** Ná ses maande se harde werk en voorbereiding het susters Cana en Jordan Peek, albei lede van die Maties Kanoklub, in Februarie met die louere weggestap in die vrouekategorie van die Dusi-kanomarathon. Hulle het die afstand van ongeveer 120 km tussen Pietermaritzburg en Durban in ’n gesamentlike tyd van 9 uur 45 minute 23 sekondes afgelê, agt minute voor die span wat tweede gekom het. Cana is ’n Sportwetenskapstudent aan die US, en Jordan is ’n oud-Matie wat verlede jaar haar BA-honneursgraad in Geografie en Omgewingstudie hier verwerf het.

## 4. Bevordering van sosiale impak

Om ’n groter sosiale impak te hê is een van die US se kern- strategiese doelwitte. Vir ons is sosiale impak sistemies, want dit is in alle US-omgewings veranker. Deurlopende en doelbewuste aandag aan die generiese en spesifieke sosiale impak van leer en onderrig sowel as navorsing en innovasie versterk die algehele transformasiegerigte sosiale impak van en deur die Universiteit. Hierdie visie word deur die US se Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) gerig.

Beduidende vordering is in 2017 gemaak om strukture vir die volle implementering van die SPSI te voorsien. Twee van die belangrikste stappe waarvoor die plan voorsiening maak, is die vestiging van ’n **Sosiale-impakkomitee van die Senaat (SIK[S])** en ’n **Sosiale-impakkennisplatform (SIKP)**.

Die **SIK(S)** het in 2017 hulle eerste ontmoeting gehad, en sal hulle werk in 2018 konsolideer. Van hul prioriteite sluit in die implementering van die SPSI, die ontwikkeling van kriteria vir die toekenning van beperkte sosiale-impakfinansiering aan fakulteite, en die strewe na groter finansiële volhoubaarheid vir sosiale impak aan die US. Die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Verenigde Nasies se volhoubare-ontwikkelingsdoelwitte maak die raamwerk uit vir die beoordeling en implementering van sosiale-impakinisiatiewe.

Die **Sosiale-impakkennisplatform (SIKP)** bevat reeds 85 geregistreerde sosiale-impakinisiatiewe op die gebied van navorsing, onderrig en leer sowel as vrywilligerwerk. Die platform – die eerste in sy soort in die Suid-Afrikaanse hoëronderwysomgewing – is amptelik op 20 September 2017 by die simposium oor sosiale impak bekend gestel. Dit stel interne en eksterne vennote in staat om saam te werk, en bring sodoende volhoubare verandering op ons dorp, in ons land en op ons vasteland teweeg. Besoek https://www.sun.ac.za/si

’n Ander huidige prioriteit is om **’n strategiese bestuursaanwyser (SBA) vir sosiale impak** te ontwikkel. ’n Taakgroep sal saamgestel word om die proses te rig. ’n SBA sal baie bydra tot die evaluering van finansieringsversoeke, die assessering van projekimpak, sowel as die erkenning van US-personeel en -studente wat sosiale-impakinisiatiewe ondersteun of bedryf. Die US se Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning sal aktief by hierdie proses betrokke wees. Weens die aard van sosiale impak moet sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe aspekte in die ontwikkeling van die SBA in ag geneem word.

**’n Gemeenskapsoggend vir sosiale impak** het in Januarie 2018 plaasgevind. Meer as 3 000 studente van oor alle US-koshuise en Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)wyke het deelgeneem aan die aktiwiteite van bestaande inisiatiewe en projekte in onder meer skole, nieregeringsorganisasies, dagsorgsentrums en geloofsgebaseerde gemeenskappe in en om Stellenbosch sowel as die gemeenskappe om Tygerbergkampus. Die doel was om nuwelinge aan sosiale-impakinisiatiewe bekend te stel, en om die bestaande en toenemende vrywilligerkultuur onder studente aan die US verder uit te bou.

Die vestiging van nuwe **vennootskappe** en die handhawing van bestaandes is twee belangrike fasette van die implementering van die SPSI. In dié verband is verhoudings met die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC) in 2017 in die staande komitees van CHEC-Wes-Kaapse Regering en CHEC-Stad Kaapstad versterk.

Die Afdeling Sosiale Impak gaan voort om samewerking tussen munisipaliteite en US-omgewings te bewerkstellig. Die US het tans **memorandums van verstandhouding** (MvV's) met vyf munisipaliteite, naamlik Saldanhabaai, Hessequa, Drakenstein, Eden en Kaapse Wynland, en 'n sesde MvV, met Breedevallei, is aan die kom. Die ooreenkoms met Eden Distriksmunisipaliteit, wat in Desember 2017 onderteken is, handel byvoorbeeld oor gesamentlike aktiwiteite en navorsing in verband met water en bosbou in die munisipale gebied Eden. Die US is ook in samesprekings met Oudtshoorn Munisipaliteit om in die nabye toekoms 'n MvV oor onder meer gesamentlike kuns-en-kultuur- en onderwys-en-opleidingsinisiatiewe te onderteken.

## 4.1 US Museum

Die museum lewer 'n belangrike bydrae om **toegang tot die Universiteit te verbreed**, en dien al hoe meer as 'n veilige ruimte vir gesprek en inklusiewe burgerskap. Die museumprogram vir 2018 sal grootliks deur die US Eeufees gerig word. Die museum sal byvoorbeeld 'n Mandela/US-kollokwium in samewerking met die Mandela-museum aanbied, sowel as spesiale uitstallings wat die erfenis van die Universiteit en die dorp vier. Gereelde museumpraatjies en -aanbiedings (waaronder filmvertonings) sal in 2018 voortduur, met 'n klem op en in aansluiting by US Eeufeesgeleenthede.

## 4.2 US Woordfees

Die US Woordfees is vanjaar vir die 19de keer aangebied, en was trouens nog aan die gang toe hierdie verslag saamgestel is. Die volgende verslag sal dus vollediger terugvoering bevat.

Intussen kan ek wel verslag doen oor 'n Woordfeesvertoning aan die einde van Februarie – die eerste produksie wat aangebied is in die pas opgeknapte HB Thom-teater, een van die uitkomste van die Kampusvernuwingsprojek.

Die vertoning, wat as deel van die Eeufees aangebied is, was die interaktiewe teaterstuk *100% Stellenbosch.* Dié inisiatief in samewerking met die Berlynse teatergroep Rimini Protokoll was op die lees geskoei van soortgelyke vorige projekte in 34 stede wêreldwyd, onder meer Berlyn, São Paulo, Londen en Melbourne.

Honderd deelnemers is gekies, wat 1% van die Stellenbosse bevolking en demografie verteenwoordig het. Vir die vertoning het almal op 'n ronde verhoog byeengekom. Hulle is oor 'n groot verskeidenheid kwessies uitgevra en hulle antwoorde het waardevolle insig gebied in Stellenbosch in al sy verskeidenheid.

## 4.3 Kampusgesondheidsdiens

**Fisioterapeute** van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) blink uit as 'n eenheid. Hulle het verlede jaar deur die Departement Fisioterapie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) die geleentheid ontvang om aan kliniese onderrig, navorsing en ander akademiese aktiwiteite deel te neem. Boonop het hulle ses hoëprestasiespanne van Maties Sport bygestaan om aan verskeie Varsity Sport-, Varsitybeker- en Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-)kragmetings deel te neem, sowel as die Maties Parasportspan met húlle deelname aan die nasionale kampioenskapstoernooi. Vanjaar het die fisioterapeute hulle kliniese ure op weeksdae tot 17:00 verleng om méér personeellede en studente toegang tot fisioterapiedienste te bied.

'n Veldtog oor voorkomingsmaatreëls vir personeel om beter **ergonomie in die werkplek** te verseker word beplan en KGD-fisioterapeute het reeds 'n gepaste werksessie vir dié doel bygewoon. Die lesse uit KGD se suksesvolle bewusmaking- en behandelingsveldtog gedurende Nasionale Rugweek in September sal ook goed te pas kom.

Wat **gesondheid en welwees** onder personeel en studente betref, het KGD se beroepsgesondheidspan aanbiedings aan 65 FGGW-lynbestuurders sowel as Voertuigdienstepersoneel op Stellenboschkampus gelewer. Personeellede van Maties Gimnasium het op hulle beurt opleiding oor noodhulp vir epilepsie ontvang.

Die **tuberkulosevoorkomingsprogram** op Tygerbergkampus maak goeie vordering. Tot dusver het 320 mediese studente, 58 in arbeidsterapie, 45 in fisioterapie en 32 dieetkundiges maskers by die KGD-kliniek ontvang.

Inligting oor die skerp toename in **malariagevalle** sowel as die uitbreking van **listeriose** is deur middel van sosiale media onder personeel en studente versprei. KGD het kliniese protokolle in pas met nasionale protokolle in werking gestel en alle tersaaklike personeel het opleiding in die bestuur van vermoedelike gevalle ontvang.

ʼn Spanpoging met MFM en KANSA het gedurende **Borskankermaand**, Oktober 2017, tot 99 borsondersoeke onder vroulike én manlike studente en personeellede gelei.

Insiggewende **geestesgesondheidspraatjies** vir studente is in samewerking met die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) aangebied. KGD-personeel het ook met Fasiliteitsbestuurpersoneel oor geestesfiksheid gaan gesels.

### 4.4 Maties Sport

**Die uitruiling van kennis en kundigheid:** Maties Sport sal hom in Augustus by Stellenbosch 360 en ander munisipale vennote aansluit om ʼn indaba oor sporttoerisme op Stellenbosch aan te bied. Maties Sport sal inligting en idees bydra oor die rol van sportgeleenthede en -oefenkampe in die ontwikkeling van sporttoerisme op Stellenbosch.

**Volksliedvriende ("anthem kids"):** Leerders van plaaslike skole sal weereens die geleentheid hê om as volksliedvriende by die plaaslike Varsitybekerwedstryde op te tree. Hulle word na die wedstryd genooi, waar hulle die geleentheid kry om langs die spelers op die veld te staan wanneer die volkslied gesing word.

## 5. Uitbreiding van internasionalisasie

Die uitbreiding van internasionalisasie is een van sewe institusionele strategieë in ons *IP 2018–2023*. Ons wil ons gegradueerdes en akademici toerus om te kan floreer as burgers van ʼn potensieel meer onstuimige en ʼn tegnologies snelontwikkelende wêreld. Ons wil hulle in staat stel om **internasionaal beduidende bydraes** te lewer wat ʼn positiewe impak op die wêreldsamelewing het.

### 5.1 Institusionele Advieskomitee oor Internasionalisasie

Die eerste vergadering van die nuwe Institusionele Advieskomitee oor Internasionalisasie – wat uit verteenwoordigers van fakulteite, PASD-omgewings en studente bestaan – het op 19 Oktober 2017 plaasgevind. Die komitee sal US Internasionaal oor sake met betrekking tot internasionalisasie adviseer, waaronder die ontwikkeling van ʼn **strategie vir internasionalisasie** aan die US in 2018.

### 5.2 Vereniging van Afrika-universiteite (AAU)

In pas met die oogmerk om die US se voetspoor op die res van die vasteland te vergroot, het die US op 24 November Afrika-universiteitedag in samewerking met die Vereniging van Afrika-universiteite (AAU) gevier. Prof Jonathan Jansen het in sy hoofrede die probleem van dekolonisasie bespreek. As deel van die program het prof Sarah Howie die Afrikasentrum vir Akademieskap (ACS), waarin die Afrika Doktorale Akademie geleë is, bekend gestel. Prof Howie is die ACS-direkteur.

### 5.3 Ontwikkelings in ARUA (die alliansie van Afrikanavorsingsuniversiteite)

Ná die vergadering van ARUA-adjunkvisekanseliers op 11 September 2017 is die Universiteit Stellenbosch benoem as gasheer vir die sekretariaat van die energiesentrum van uitnemendheid binne die ARUA-inisiatief. Die aanbevelings waaroor daar ooreengekom is, is vir eksterne evaluering gestuur. Proff Johann Görgens en Samson Mamphweli van die US het op 30 Januarie 2018 finale aanbiedings aan die ARUA-direksie in Johannesburg gelewer. Dit is intussen **bevestig dat die US die ARUA Sentrum vir Uitnemendheid in Energie sal huisves**. ʼn Werksessie met ARUA-energievennote

oor befondsing word vir later hierdie semester beplan, met die steun van US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika.

## 5.4 Internasionale besoeke, vergaderings en konferensies deur US Internasionaal

Die instellings en afgevaardigdes wat ontvang is, word chronologies gerangskik om 'n omvattende oorsig te bied:

| | |
|---|---|
| 31 Okt | Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie Zhejiang (ZUST), China |
| 1 Nov | Universiteit vir Media en Kommunikasie Zhejiang (ZUMC), China |
| 8 Nov | Russiese Federale Kommunikasieagentskap, Moskouse Tegniese Universiteit vir Kommunikasie en Informatika, Rusland |
| 9 Nov | Afvaardiging van Politegniese Hoëronderwysinstituut Songo in Mosambiek, ter verkenning van samewerking met die US se Fakulteit Ingenieurswese |
| 13 Nov | Marko Schubert, Study Abroad-raadgewer van die Study Abroad-kantoor by Sentrale Universiteit van Michigan, VSA, oor studentemobiliteitsprogramme |
| 14 Nov | Ute Lamb, Programbestuurder: Study Abroad (AIFS Educational Travel), van Bonn, Duitsland |
| 18 Nov | Yunnan-universiteit, Kunming, China |
| 21 Nov | INPART-afvaardiging, Universiteit van Oslo, Noorweë |
| 26 Nov | Normaaluniversiteit van Hunan, Changsha, China |
| 4 Des | Prof Lalit Goel, Direkteur: Kantoor van Globale Onderwys en Mobiliteit (OGEM), en Mnr Iswandi Bin Jaapar, Senior Bestuurder: OGEM, van Tegnologiese Universiteit Nanyang, Singapoer |
| 6–8 Des | Prof Richard Dashwood, Adjunkvisekanselier: Navorsing, Universiteit van Coventry, VK |
| 19–26 Jan | Direkteur dr Svend Poller en me Lina Hörügel van internasionale kantoor by Universiteit van Leipzig |
| 22 Jan | Prof Uwe Schulz, Hoof: Internasionale Betrekkinge van Universiteit vir Toegepaste Wetenskap en Kuns Luzern, Switserland, en me Jacqueline Friendenthal, Raadgewer: Wetenskap en Tegnologie van die Switserse ambassade |

### 5.4.1 Buitelandse besoeke en plaaslike bevordering van internasionalisasie

Die organisasies, lande en US Internasionaal-afgevaardigdes wat plaaslik en internasionaal by die uitbreiding van internasionalisasie betrokke was, word hieronder gelys:

| | |
|---|---|
| 24–27 Okt | Jaarlikse WaterNet/WARFSA/GWP-SA-simposium op Swakopmund, Namibië, ter verteenwoordiging van die AU/NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE) (Nico Elema en Joanna Fatch) |
| 28 Okt | AU/NEPAD SANWATCE se jaarlikse beheerkomiteevergadering op Swakopmund, Namibië, met afgevaardigdes van 11 vennootuniversiteite in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap- (SAOG-)streek (Nico Elema, Joanna Fatch en Yolanda Johnson) |
| 8–9 Nov | Besoek aan Universiteit van Göttingen (Robert Kotzé) |
| 13–18 Nov | AceWater 2-vennootvergadering in Nairobi, Kenia, met afgevaardigdes van 20 universiteite, aangebied deur die Europese Kommissie om aktiwiteite en implementering van die program te bespreek (Nico Elema en Joanna Fatch) |

| | |
|---|---|
| 19–30 Nov | US/KU Leuven-dinkskrum, met 18 US-studente en drie personeellede wat KU Leuven besoek het vir die finale werksessieweek en finale aanbieding oor kuns en die wetenskap (prof Johan Fourie, dr Leslie van Rooi, Werner de Wit) |
| 21 Nov | Suid-Afrikaanse ambassade in Brussel, wat saam met die US 'n US-alumnigeleentheid gedurende die dinkskrumwerksessieweek aangebied het |
| 22–24 Nov | Afrikastreeksvergadering en -akademiese simposium van die Wêreldnavorsingsraad (GRC) (Nico Elema) |
| 28–30 Nov | Jaarlikse direksievergadering van die PAFROID-program vir mobiliteit binne die Afrika-, Karibiese en Pasifiese streek, Mauritius (Norma Derby) |
| 4–5 Des | Moniteringsbesoek aan die Universiteit van Dar es Salaam, Tanzanië, as deel van die TRECCA-program vir mobiliteit binne Afrika (Norma Derby) |
| 1–3 Des | Rektorsbesoek aan Universiteit van Leipzig, Duitsland, as een van drie rektore wat op uitnodiging van die Leipzig-rektor die opening van die Paulinum bygewoon het (Robert Kotzé) |
| 4–6 Des | Aanvangsvergadering van die YEBO! Erasmus+-konsortium vir die internasionalisasie van PhD-studie in Suid-Afrika (Robert Kotzé en Dorothy Stevens) |
| 8–14 Des | Wêreldkonferensie van Confucius-instituut (CI), Xian, China, sowel as gesamentlike vergadering van CI van Universiteit van Xiamen (Robert Kotzé) |
| 11, 12 Des | Aanbieding by die QS-somerskoolberaad in Johannesburg (Werner de Wit) |
| 25 Jan–<br>5 Feb | Vergesel groep van vyf studente na Moembai, Indië, as deel van die kortkursus oor wêreldburgerskap wat saam met die Universiteit van Stuttgart, Duitsland, en St. Xavierskollege, Indië, aangebied word. Die program het met 'n virtuele kursuskomponent in Oktober 2017 begin, en het afgesluit met kulturele uitstappies, akademiese lesings en groepaanbiedings deur die studente in Moembai (Alecia Erasmus) |

### 5.4.2 Studentemobiliteit

'n Verslag oor die uitruilaksies van die semester sal in die volgende siklus voorgelê word, maar inwaartse en uitwaartse studentemobiliteit word kortliks hieronder aangedui:

Inwaartse studentemobiliteit

| | |
|---|---|
| 29 Des–<br>7 Jan | Kortprogram van Politegniese Instituut en Staatsuniversiteit van Virginië: 15 studente en drie personeellede van Politegniese Instituut en Staatsuniversiteit van Virginië, VSA. Die program konsentreer op voedselsekerheid teen die agtergrond van die integrasie van die natuur by voedselproduksiestrategieë, gewasproduksie, wildboerdery en bewaring. |
| 21 Jan–<br>25 Mrt | North Western-universiteit, VSA: 16 studente en twee personeellede vir 'n kortprogram in internasionale gesondheidsorgtegnologieë. Die program is uitsluitlik vir ingenieurstudente ontwerp, en bied praktiese ervaring in die ontwikkeling van mediese toestelle om gesondheidsuitkomste in hulpbronarm omgewings, veral townships om Kaapstad, te verbeter. |

Uitwaartse studentemobiliteit

6–30 Jan Tübingen-Suid-Afrika-program: 6 US-studente. Dit is ’n kulturele en taaluitruilprogram om Suid-Afrikaanse studente aan die Duitse kultuur en taal bloot te stel. Altesaam 19 studente van Tübingen se vennootuniversiteite in Suid-Afrika was daar (Gekoördineer deur Bantubonke Louw, US Internasionaal)

### 5.4.3 Nuwe en hernude ooreenkomste

Verskeie ooreenkomste is in die verslagtydperk aangegaan, waaronder Erasmus+-aansoeke, institusionele ooreenkomste en fakulteitsvlakooreenkomste. ’n Bondige uiteensetting volg hieronder:

Erasmus+-aansoeke ingedien

- 2 aansoeke om gesamentlike magisterprogramme
- 4 vermoëbouprojekte
- 30 bilaterale mobiliteitsooreenkomste in 15 EU-vennootlande

Institusionele ooreenkoms: Universiteit van Florida, VSA

Fakulteitsvlakooreenkoms: Universiteit van Jönköping, Swede (Ingenieurswese)

## 5.5 Maties Sport

**Para-swem:** Twee Maties – Alani Ferreira en Christian Sadie – het Suid-Afrika in November 2017 by die Internasionale Para-swemkampioenskapstoernooi verteenwoordig. Christian het twee silwer medaljes, een in die S7 50 m-vryslag vir mans (in ’n persoonlike beste tyd) en een in die SM7 200 m-individuele wisselslag vir mans, gewen. Hy het vierde geëindig in die S7 100 m-borsslag vir mans, en ’n Afrikarekord opgestel.

**Statebondspele:** Die Suid-Afrikaanse span vir die Statebondspele aan die Australiese Goudkus van 4 tot 15 April 2018 is op 30 Januarie aangekondig. Maties Swem se Emma Chelius en Christian Sadie, Maties Parasport se Charl du Toit, Dyan Buis en Reinhardt Hamman, en Maties Hokkie se Keenan Horne en Daniel Bell is almal vir die span gekies. ’n Aantal voormalige Maties – soos fietsryer Mariske Strauss en hokkiespeler Nicole la Fleur – is ook ingesluit.

**Netbal:** Maties Netbal se hoofdoel, Charmaine Baard, het onlangs ’n kontrak met Surrey Storm in Engeland onderteken om in hulle netbalsuperliga te speel. Charmaine, wat Suid-Afrika in Oktober verlede jaar in die Fast 5-netbaltoernooi in Australië verteenwoordig het, verwerf haar BEd-graad in Maart. As ’n ingeskrewe honneursstudent, sal sy vir deelname aan vanjaar se Varsity Netbal-kompetisie in aanmerking kom.

**Internasionale vennootskap:** Die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe en die Universiteit van Limerick, Ierland, smee tans ’n vennootskap vir gholfnavorsing as deel van Limerick se Erasmus Mundus-program. Die navorsingsprojek beoog om die uitwerking van tegnologiegesteunde praktyk op gholfprestasie te ondersoek.

**Aanbieding van ’n internasionale geleentheid:** Stellenbosch is een van twee nuwe bestemmings op die Wêreldbekerkalender van die Union Cycliste Internationale (UCI), en Coetzenburg tree in Maart as gasheer vir fietsryers op wanneer die seisoen se eerste veldfietswedren plaasvind. As ’n voorloper van dié geleentheid is die Suid-Afrikaanse bergfietskampioenskapstoernooi op 3 Februarie by Coetzenburg aangebied. Maties Sport wil die US as ’n voorkeurbestemming vir groot geleenthede vestig, en die hoofdirekteur skakel voortdurend met kernorganisasies om hierdie doelwit te bereik.

# 6. Bevordering van sistemiese transformasie

Sistemiese transformasie is een van sewe institusionele strategieë wat in ons *IP 2018–2023* uiteengesit word. Om transformasie as sistemies te beskou impliseer dat alle aspekte van die universiteitslewe by die transformasie- en vernuwingsproses betrokke is, en terselfdertyd tot die transformasie van die samelewing bydra.

## 6.1 Transformasiekantoor

Die werk van die Transformasiekantoor draai om die implementering van die US se **Transformasieplan (TP).** Die US gaan voort om bestaande praktyke en beleide met sy nuwe TP te versoen. In dié verband is ’n taakgroep oor **visuele regstelling** op die been gebring, en is nuwe aanbevelings vir die prosedures vir die naamgewing van geboue en lokale in werking gestel. Die taakgroep sal ook bepalings formuleer om visuele regstelling en die vernuwing van openbare ruimtes, simbole, geboue en fasiliteite by die US te bevorder. Die werk van hierdie taakgroep het in Februarie afgeskop, en sal na verwagting uitloop op die skryf en implementering van ’n beleid oor visuele regstelling aan die US.

Die **kalender vir strategiese skakeling** het ook in Februarie in werking getree, en sal openbare skakeling aan die US bevorder deur nasionale dae met die Universiteit se strategiese prioriteite te verbind. In 2018 val die klem op die US Eeufees en sal geleenthede aangebied word om by onder andere Menseregtedag, Jeugdag en Vrouedag aan te sluit.

**Werksessies oor transformasiebevoegdheid** het in die verslagtydperk ’n belangrike deel van die Transformasiekantoor se studente- en personeelontwikkelingsprogramme uitgemaak. Temas was onder meer protes en konflik, moderne rassisme, dekolonisasie, verkragtingskultuur, en universele ontwerp vir gestremdhede. In dieselfde trant het die Transformasiekantoor ook met die Sentrum vir Studentegemeenskappe saamgewerk om as deel van die jaarlikse ResEd-program gedurende die verwelkoming meer as 100 werksessies vir oor die 3 000 studente aan te bied.

Benewens die werksessies is ’n transformasiewoordelys (vir sowel personeellede as studente) en ’n intergeloofsdokument met riglyne in 2017 opgestel, wat in 2018 bekend gestel en versprei sal word.

## 6.2 Eerste US-transformasie-indaba

Meer as 100 personeellede en studente het op 29 November 2017 die eerste transformasie-indaba van die US se Transformasiekantoor bygewoon. Die geleentheid het **belanghebbendes en transformasiekomitees** van die Universiteit byeengebring om ervarings en praktyke uit te ruil, oor geleenthede te besin wat die US se Transformasieplan kan bevorder, en aanbevelings by die Institusionele Transformasiekomitee te doen.

Die dag lange indaba het bestaan uit tematiese aanbiedings deur verskillende institusionele kenners. Dít het ingesluit oordenkings oor die stand van transformasie in die hoër onderwys, leierskapslesse, dekolonisasie van die kurrikulum, visuele regstelling, universele toegang vir persone met gestremdhede, die hantering van verkragtingskultuur, en die bou van ’n instaatstellende klimaat.

## 6.3 Maties Sport

Maties Sport het drie nuwe kollegas uit aangewese groepe verwelkom. SA krieketspeler Ashlyn Kilowan het hom as afrigter by Maties Krieket se vrouespan aangesluit. Ashlyn het sedert 2003 aan een toets en 32 internasionale eendagwedstryde vir Suid-Afrika deelgeneem. By Maties Hokkie is Ashlin Freddy as voltydse hoofafrigter van Maties se manspan aangestel. En by die vrouehokkiespan het Satchi Reddy in ’n voltydse hoedanigheid oorgeneem.

## 7. Verbetering van sistemiese volhoubaarheid

Volgens die *IVS 2013–2018* is die verbetering van die US se sistemiese volhoubaarheid ’n fokusgebied van die Universiteit. Volhoubaarheid word in die *IP 2018–2023* omskryf as ’n sistemiese begrip wat verband hou met die kontinuïteit van ekonomiese, maatskaplike, institusionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewing. Ons erken ook dat die noodsaaklike werksaamhede van ’n hoëronderwysinstelling minstens ekologies regverdigbaar, sosiaal billik en ekonomies lewensvatbaar moet wees – nie net nóú nie, maar ook vir toekomstige geslagte.

### 7.1 US Eeufees-projek

Sien asseblief my opmerkings oor die Eeufees in die inleiding van hierdie verslag, insluitend ons **restitusieverklaring**. Voorts wys ek graag uit dat bestaande geleenthede op die US se kalender ’n Eeufeesbaadjie kry, met slegs enkele bykomende aktiwiteite.

’n Aantal Eeufeesverrigtinge het in die aanloop tot Alumnibetrekkinge se Tuiskomsnaweek en die US Woordfees aan die begin van Maart plaasgevind. Op 1 Maart is die US se **Eeufeesuitstalling** in die US Argief in die Wilcocksgebou op ons Stellenboschkampus amptelik geopen. Die uitstalling gedenk die mense, geboue, gebeure en groei in opvoeding op Stellenbosch wat uiteindelik gelei het tot die Universiteit soos ons dit vandag ken. Die fotomateriaal waaruit die muur-collages opgebou is, dek nie net die tydperk sedert 1918 nie, maar ook die Universiteit se voorgeskiedenis.

Die US se **Eeufeesboek**, *Die Universiteit Stellenbosch 100: 1918-2018*, is by dieselfde geleentheid bekend gestel. Die 536 bladsye lange boek bestaan uit twee dele. In deel 1 onder redakteurskap van prof Albert Grundlingh bied sewe skrywers hulle beskouings van die US se geskiedenis. Die inligting word tematies eerder as chronologies aangebied en onderwerpe soos die US se totstandkoming, politiek, taal, finansies, studentelewe, sport en akademie word behandel. Deel 2 handel weer oor die geskiedenis van die Universiteit se tien fakulteite, elk met ’n eie skrywer en talle medeskrywers. Die redakteur is mnr Hans Oosthuizen. Die boek is tans in Afrikaans beskikbaar. Die Engelse vertaling is in produksie, en ons hoop om dit teen 16 April beskikbaar te stel.

’n **Eeufeesoptog** het Saterdagoggend 3 Maart deur Stellenbosch plaasgevind. Dit het by die Ou Lückhoffskool in Banghoekweg begin, spesifiek om erkenning te verleen aan die inwoners van Die Vlakte wat in die apartheidsjare onder gedwonge verskuiwings deurgeloop het. Studente van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en ons Fakulteit Krygskunde se Militêre Akademie het saamgestap na Coetzenburg, waar ’n **Eeufeesfamiliedag** plaasgevind het, gevolg deur ’n **Eeufeeskonsert** tot laatnag.

Laastens verwys ek Raadslede graag na ons **Eeufeeswebtuiste**, www.sun.ac.za/100 – nie net vir die jongste nuus oor gebeure en geleenthede nie, maar ook vir boeiende bydraes onder “Matiestemme”. Van wêreldbekende navorsers tot baanbrekers in die bedryf, die US spog met ’n multikulturele gemeenskap van studente, personeel, alumni en ander belanghebbendes. In hierdie afdeling word van hulle verhale vertel.

### 7.2 US Institusionele Plan 2018–2023 (IP)

Die DHOO vereis sedert 2014 dat openbare universiteite teen 15 Desember elke jaar ’n Institusionele Plan (IP) indien. Die Raad het die US se IP vir die tydperk 2018–2023 by sy vergadering van 27 November 2017 goedgekeur en dit is op 14 Desember aan die DHOO voorgelê. Die IP is ’n kerndeel van die US se jaarbeplanning en dien as ’n rigtinggewende dokument om die instelling se strategiese oogmerke te verwesenlik. Dit verleen stukrag aan die US se strewe om sy doelwitte op ’n volhoubare manier te bereik. Die plan is daarop gerig om die prioriteite en doelwitte in die US se Institusionele Voorneme en Strategie sinvol te integreer en doeltreffend te koördineer sodat die Universiteit sy hulpbronne (menslik, finansies, fasiliteite en toerusting) verantwoordelik en gebalanseerd kan benut.

## 7.3 Waterkrisis

’n Blad wat op die waterkrisis fokus, is op die US-webruimte tot stand gebring, met gedetailleerde inligting en nuus oor hierdie groot uitdaging wat ons in die gesig staar.

US Eiendomsdienste, ’n onderafdeling van Fasiliteitsbestuur, het op die waterkrisis in die Wes-Kaap gereageer deur ’n droogtereaksiegebeurlikheidskomitee en ’n werkgroep in die lewe te roep. ’n Aantal projekte is ook ingestel om die droogte te bestry en die risiko teen te werk van ’n totale verlies van watertoevoer.

Ons werk ten nouste saam met Stellenbosch Munisipaliteit, en ons droogtereaksieplan maak deel uit van die groter munisipale plan. Ons installeer waterbesparingstoestelle (krane, stortkoppe, ensovoorts), sink boorgate, bestel filtreeraanlegte en ontwerp gryswaterstelsels, wat alles met die munisipale plan strook. ’n Aantal van die boorgatprojekte is reeds van stapel gestuur en gryswaterstelsels sal binnekort in werking gestel word sodat ons uiteindelik 50% minder drinkwater as in 2015 sal gebruik. Met hierdie maatreëls in werking, verwag ons nie dat ons **kernbedrywighede op Stellenbosch** ontwrig sal word nie.

Die ingenieurs werk ook aan intervensies om ononderbroke drinkwatertoevoer na ons **Tygerberg- en Bellvilleparkkampusse** te verseker. Dit sluit ook die installasie van waterbesparingstoestelle en gryswaterstelsels in, sowel as die installasie van boorgate en filtreeraanlegte. Vier boorgate is reeds by Tygerberg gesink, met nog een wat sou kom. Die boorgate lewer min water, maar sal die risiko help temper.

Die US het by die Stad Kaapstad aansoek gedoen om toevoer na Tygerbergkampus in stand te hou indien Dag Zero aanbreek. Ons intervensies en wateraanvullingsplanne toon steeds dat Tygerberg ’n watertekort sal ondervind indien die Stad se toevoer beëindig sou word. Indien die Stad nié ons versoek toestaan nie, sal water elders bekom moet word, wat baie duur sal wees.

’n Aansoek is by die **gebeurlikheidsfonds** ingedien met betrekking tot al die **noodinisiatiewe** wat teen **April 2018** in werking moet wees.

## 7.4 Proses vir lewensvatbare kontraktering en Fasiliteitsbestuurkontrakte

Ná die arbeidsonrus in 2015 het die US besluit dat ’n proses van lewensvatbare kontraktering, in plaas van ongedifferensieerde inkontraktering, in die belang van sowel die werknemers van eksterne diensverskaffers as die Universiteit sal wees.

Daar is besluit om met lewensvatbare kontraktering te begin sodra kontrakte vir noodsaaklike dienste (soos skoonmaak, spysenering, tuinbou/buiteontwerp en sekuriteit) verstryk om as ondersteuning te dien vir die besluit om hetsy ’n eksterne voorkeurdiensverskaffer aan te stel of die betrokke dienste in te kontrakteer. Fasiliteitsbestuur het in 2017 met lewensvatbare kontraktering vir ’n aantal kontrakte begin.

Soos ooreengekom is, is interne koste vir die US in alle gevalle eers bereken en gekommunikeer op die sluitingsdatum van die versoek vir voorstelle. Koste en ander bedryfsoorwegings is in ag geneem om te bepaal of dienste ingekontrakteer moet word of nie. Komiteelede het ook die persele van alle maatskappye op die kortlys besoek om hulle voldoening aan menswaardigheidsvereistes te bepaal.

Die Rektoraat het gevolglik die aanbevelings hieronder **goedgekeur**:

| Kontrak | Uitkoms | Aanvang |
|---|---|---|
| Skoonmaak: Worcester | Nuwe diensverskaffer: Feedem Group (Crystal Solutions) | 1 Maart 2018 |
| Instandhouding van sportterein: Stellenbosch | Heraanstelling van vorige diensverskaffer: Servest | 1 Maart 2018 |
| Sekuriteitsdienste: Stellenbosch, Tygerberg en Bellvillepark, plus Neelsie-studentesentrum | Nuwe diensverskaffer: Pro Events | 1 April 2018 |
| Geïntegreerde afvalbestuur: Stellenbosch, Tygerberg en BellvillePark | Heraanstelling van vorige diensverskaffer: Wasteplan | 1 Maart 2018 |
| Landskap- en tuininstandhouding: Stellenbosch, Tygerberg, Bellvillepark en Worcester | Nuwe diensverskaffer: Servest | 1 Maart 2018 vir Stellenbosch, en 1 Mei vir alle ander kampusse |
| Instandhouding van verhitting-, ventilasie- en lugversorgingstelsel: Stellenbosch | Proses gaan herhaal word | N.v.t |
| Geboustruktuur- en loodgietersinstandhouding: Stellenbosch | Reaksie op versoek vir voorstelle onvoldoende; proses gaan herhaal word | N.v.t. |
| Instandhouding: Tygerberg, Bellvillepark en Worcester | Heraanstelling van vorige diensverskaffer: Tsebo | 1 Maart 2018 |

*Tabel 5: Goedgekeurde aanbevelings oor lewensvatbare kontraktering*

Hoewel alle diensverskaffers aangedui het dat artikel 197 (oor die hantering van werknemers indien een onderneming of ’n deel daarvan as lopende saak aan ’n ander oorgedra word) nie van toepassing is nie, vorder kontrakonderhandelinge goed. Die kontrakte vir buiteontwerp en sekuriteit is ietwat meer ingewikkeld en vereis meer omvattende onderhandeling, en dus moes die aanvangsdatums uitgestel word van die aanvanklike 1 Maart 2018.

## 7.5 Tegnologie- en inligtingsoorsigbestuur

Die terme ‘inligtings-/informasietegnologie’ (IT) en ‘inligtings- en kommunikasietegnologie’ (IKT) is uitruilbaar en word dan ook dikwels so gebruik. Tog is daar inderwaarheid sterk verwantskappe tussen die bestuur en oorsigbestuur van data, inligting, sagteware en tegnologie, sowel as subdissiplines soos inligting- en kubersekuriteit, rekordbestuur, privaatheid en navorsingsdatabestuur.

Die term ‘tegnologie en inligting’ (T&I) word nou as ’n nuwe konsep bekend gestel om die onskeibare dog afsonderlike aard van ‘inligting’ en ‘IT’ te erken. ’n Verdere rede vir die bekendstelling van die term is dat ‘IT’ in die Universiteit se omgangstaal sinoniem geraak het met die afdeling belas met IT in plaas van ’n dissipline of funksie.

Die belang van inligtingsoorsigbestuur en die noue verband met tegnologie word duidelik verwoord in beginsel 5 en 12 van die King IV-verslag:

- Beginsel 5: “Die beheerliggaam behoort toe te sien dat verslae van die organisasie belanghebbendes in staat stel om ingeligte gevolgtrekkings oor die organisasie se prestasie en sy vooruitsigte op kort, middel- en langtermyn te maak.”
- Beginsel 12: “Die beheerliggaam behoort tegnologie en inligting so te beheer dat dit die organisasie se vasstelling en verwesenliking van sy strategiese doelwitte ondersteun.”

Sodat die Universiteit maksimum voordeel uit sy inligting kan trek en T&I-ontwikkelings kan weerspieël, het die Rektoraat by sy vergadering van 29 Augustus 2017 besluit om ’n **Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB)** tot stand te bring vir volle implementering teen 1 Januarie 2018. Dít is gedoen deur **die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning (INB) se naam na IOB te verander** en sy mandaat uit te brei.

Die INB-komponente wat om beplanning en data draai, verskuif nou van die verantwoordelikheidsentrum vir Leer en Onderrig na die **verantwoordelikheidsentrum vir Strategie en Internasionalisasie**, onder meer om gereeld die jongste tersaaklike inligting in paneelbordvorm te voorsien. Die komponente wat met die beplanning en gehalteversekering van akademiese programme verband hou, bly deel van Leer en Onderrig, maar word nuut geposisioneer in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking.

Die taakgroep oor inligtingsoorsigbestuur het op 28 November 2017 hulle finale verslag by die Rektoraat ingedien. As deel van hulle aanbevelings het die taakgroep voorgestel dat die mandaat van die Raad se Oudit- en Risikokomitee hersien word om uitdruklik aan T&I-oorsigbestuur aandag te skenk. Nóg ’n voorstel was die vestiging van ’n T&I-komitee as deel van die Rektoraat om onder meer die volgende te verseker:

- US-wye geïntegreerde strategieë en gekoördineerde beplanning met betrekking tot T&I
- Die prioritisering van strategiese belegging in en volhoubare hulpbronvoorsiening aan T&I
- ’n Volhoubare institusionele finansieringsmodel vir T&I-infrastruktuur en -dienste
- Die doeltreffende hantering van oorsigbestuur, risiko’s en voldoeningsinisiatiewe met betrekking tot T&I
- Die skep van institusionele beleide, bestuursbeginsels, regulasies en riglyne, met voldoende belanghebbendeskakeling

Die Rektoraat het die taakgroep se aanbevelings aanvaar, en die T&I-komitee sowel as die afdelings IOB en IT sal nou die proses verder voer.

## 7.6 Risikobestuur

Sedert die vorige verslag is die institusionele risikobestuursfunksie, en veral vordering met die ontwikkeling daarvan, vir beoordeling aan die Oudit- en Risikokomitee (ORK) voorgelê. Die Rektoraat en risikoklassifikasie-eienaars het teen die einde van 2017 ’n omvattende jaarlikse beoordelingsvergadering met interne en eksterne lede van die ORK bygewoon, wat die vordering tot dusver erken en ook nuwe doelwitte gestel het. Hierdie doelwitte, wat nou deel uitmaak van die risikobestuursprogram vir 2018, sluit in **strategiese risikobepaling** en die vasstelling van risiko-aptyt.

## 7.7 Kampussekuriteit

Die algemene **misdaadtendense** op al ons kampusse was **stabiel en marginaal laer** die afgelope kwartaal vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 2016/17. Terwyl sekuriteitspersoneel in 2016 hulle hande vol gehad het met voortslepende protesaksie teen die einde van die jaar, kan vanjaar se beter misdaadtendense deels daaraan toegeskryf word dat personeel meer tyd kon afstaan aan die stryd teen misdaad in plaas van skarebeheer. Nóg ’n bydraer is die verdere uitbreiding van sekuriteitspersoneelvermoë. Die US-gemeenskap sal saans heelwat meer uniforms op kampus opmerk noudat ’n **verdere 20 wagte** op **Stellenboschkampus** en ’n **verdere vyf** by **Tygerberg** gekontrakteer is. Hierdie bykomende sekuriteitsmaatreëls word uit die huisvestingsbegroting gefinansiering vir ontplooiing rondom **koshuise**.

Kampussekuriteit het ook vir die eerste kwartaal van 2018 bykomende personeellede ontplooi om institusionele **waterhulpbronne te beveilig**.

’n Skerp toename in aanrandings en rooftogte op **Stellenboschberg** is aan die einde van 2017 opgemerk. ’n Taakgroep van polisielede, sekuriteitspersoneel en munisipale beamptes het klopjagte in die omgewing uitgevoer en voorvalle het sedertdien afgeneem.

Minder ernstige dog uiters frustrerende voorvalle soos diefstal uit voertuie, inbrake by privaat koshuise gedurende vakansietyd en die diefstal van koperpype kom steeds gereeld voor.

## 7.8 Universiteitsvermoëboutoelaag (“UCDG”)

Die US het op 30 November sy finale projekplan vir die Universiteitsvermoëboutoelaag (University Capacity Development Grant, of te wel UCDG) ingedien. Die plan sal nou in werking gestel word nadat die DHOO dit in Januarie goedgekeur het. Dit is in drie breë afdelings ingedeel, naamlik studentesukses, die professionele ontwikkeling van personeel, en programvernuwing.

Wat **studentesukses** betref, fokus die plan op belegging in stelsels en hulpbronne wat strukturele hindernisse vir sukses uit die weg ruim en wat op lang termyn volhoubaar in stand gehou kan word.

Vir die **professionele ontwikkeling van personeel** volg die plan ’n holistiese benadering tot die bemagtiging van personeel om suksesvolle akademici te wees – met die klem op onderrig sowel as navorsing.

Wat betref die *ontwikkeling van personeel as onderwysers* berus die plan op die aanbevelings van ’n institusionele taakgroep oor die beloning en erkenning van goeie onderrig.

Wat die *ontwikkeling van personeel as navorsers* betref, neem die plan die akademikus se vroeëloopbaan- en middelvlakbestuursbehoeftes in ag. As sodanig, konsentreer dit op die behoefte om nagraadse studie te voltooi, netwerke te vorm om aktief aan navorsings-/dissiplinêre gemeenskappe deel te neem, en stelselmatige loopbaanplanne te ontwikkel vir akademici.

Die **programvernuwingskomponent** van die plan handel oor die skep van ’n institusionele kultuur waarin visionêre leierskap tot voortgesette transformasie lei om in die land se hoëronderwysbehoeftes te voorsien.

## 7.9 Studentetredhouprojek

As deel van die US se reaksie op die DHOO se versoek vir voorstelle om projekfinansiering van die nasionale Universiteitsvermoëbouprogram te bekom, het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) ’n projek ontwerp en voorgelê om die voortgesette verbetering van studentesukses aan die Universiteit te verseker. Die projek, “Die ontwerp en implementering van ’n omvattende tredhou- en ontwikkelingstelsel”, word gesamentlik deur prof Ian Cloete (Inligtingsoorsigbestuur) en dr Birgit Schreiber (Studentesake) gekoördineer. Die voorstel is goedgekeur; die projek het in Februarie 2018 begin en sal drie jaar duur.

Die einddoel is om die sukses en welstand van alle US-studente (d.w.s. huidige voorgraadse en nagraadse studente, maar ook voornemende studente) sowel as alumni te optimaliseer. Sukses verwys nie net na akademiese sukses nie, maar behels ook die vermoë om as afgeronde individue te gedy. Alle aspekte van welwees word betrek om individue uiteindelik in staat te stel om waardevolle bydraers tot die ekonomie en die samelewing te word. Die algehele oogmerk is om ’n oplossing te skep wat US-studente se sukses naspoor en aanmoedig, vandat hulle **gewerf** word, deur hulle hele **studieloopbaan**, en selfs in hulle beroepe as **alumni**.

Die projek sal die akademiese prestasiegaping tussen wit en (generies) swart studente help verklein. Dit sal die akademiese prestasie en welstand van alle voorgraadse studente help optimaliseer, en ook alumni met lewenslange vaardighede toerus om in hulle professionele loopbane te gedy. Daarbenewens sal die US bemagtig word om uit te reik en aktief sy kennis oor prestasieverbetering met die res van die vasteland te deel.

## 7.10 Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge

### 7.10.1 Internasionale verteenwoordigers

Ons het in 2017 internasionale verteenwoordigers vir die US in die VSA en die Verenigde Koninkryk (VK) aangestel – elk met die verantwoordelikheid om filantropiese fondswerwing (Ontwikkeling) en die Matie-netwerk (Alumnibetrekkinge) in hulle onderskeie omgewings uit te bou.

**VSA**: Reanne Olivier, ’n onlangse US-gegradueerde, het in 2015/16 in die SR gedien. Sy het reeds sewe alumnikerne oor die hele Amerika tot stand gebring, en ’n verdere drie is vanjaar aan die kom.


**VK**: Darryn Havenga was Hoof: Kontak- en Kliëntedienste by die Universiteit voordat hy en sy gesin na Engeland verhuis het.

Nuwe trustees is ook vir die **US se VK-trust** aangestel. Die trustees is ’n kombinasie van alumni en skenkers, en bied nuwe steun, idees en etlike geleenthede om ons teenwoordigheid in die streek uit te brei as deel van ons fondswerwings- en alumnibedrywighede daar.

Vroeër vanjaar het ons Alison April as verteenwoordiger vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) sowel as vir US Internasionaal in die **Benelux**-lande aangestel. Sy was van 1995 tot 1999 die US se Adjunkhoof: Internasionale Kantoor en het ook in haar studentedae in die SR gedien.

### 7.10.2 Internasionale fondswerwing

Ons werk tans hard om fondswerwing van **internasionale bronne** as ’n persentasie van algehele inkomste uit te brei deur ons getal internasionale skenkers te verhoog. Die verdeling sien tans soos volg daar uit:




*Figuur 5: Verdeling van US-skenkers*

Ons het in 2017 goed gevorder om internasionale bewustheid van die US-handelsmerk te vergroot, en 86 skenkervergaderings is in 27 stede oor tien lande heen gehou.

’n Toekenning van R11,7 miljoen (oor vyf jaar) van die **Andrew Mellon-stigting** is aan prof Johan Fourie se ekonomiesegeskiedenisprojek “Biography of an Uncharted People” toegestaan. Boonop het ons as deel van die Mellon-versoek vir voorstelle ’n aantal voorleggings ingedien wat die stigting se belegging in hoër onderwys in Suid-Afrika oor 30 jaar ondersteun. Om Mellon-geleenthede meer proaktief en strategies te bestuur, sal OAB voortaan ’n meer sentrale koördineringsrol in beplanning en implementering vervul.

Die **Rosa Luxembourg-stigting** se toekenning van €30 000 in 2017 was beduidend, want dit was die begin van wat hopelik ’n lang verhouding sal wees. Mits ons voogdyskap op peil is, is groter toekennings aan die US in die toekoms hoogs waarskynlik.

Die US se verbintenis met die **Bill & Melinda Gates-stigting** is nóg ’n voorbeeld van ’n langtermynverhouding met ’n institusionele skenker wat in 2017 verder verstewig is, met twee besoeke aan hulle kantore in die loop van die jaar. Hierdie verhoudings verg verskeie interaksies, vergaderings en besoeke om gevestig te raak, en dit kan by tye ongemaklik wees om stukrag te behou, maar op lang termyn hou dit heelwat voordeel in.

### 7.10.3 Plaaslike steun

Die **US Regshulpkliniek** (nou geleë te Crozierstraat 18-24, Stellenbosch) sal voortgaan om toegang te bied tot gratis, doeltreffende regsdienste van gehalte, om namens plaaswerkers teen onwettige uitsettings te baklei, om regstudente die geleentheid te bied om in ’n kliniese omgewing praktiese vaardighede op te doen, en om ononderbroke navorsing oor die uitsettingsreg te doen – alles danksy die ondersteuning van vennote soos die **Claude Leon-stigting**. Die stigting ondersteun die Regshulpkliniek reeds sedert 2007 en het onlangs die voortsetting van hierdie steun aangekondig met ’n toekenning van R1 miljoen oor twee jaar vanaf 2018.

### 7.10.4 Beurse

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se **Projek Zero**-inisiatief het finansiële steun van R6,2 miljoen van **BANKSETA**, die onderwys- en opleidingsowerheid vir die banksektor, ontvang. Dít is BANKSETA se tweede belegging nadat dit in 2017 ’n aanvanklike R2,3 miljoen bewillig het. Die skenking van 2017 het 20 talentvolle studente gebaat; vanjaar sal die getal begunstigdes tot 40 aangroei. Projek Zero beoog om talentvolle studente se studiekoste aan die US tot nul te verminder. Projek Zero-beurse, tesame met die Universiteit se werwings- en merietebeurse, dek die student se volle studierekening. Die beurs word op grond van akademiese meriete aan BSI-studente aangebied, van wie die helfte uit gemeenskappe met die laagste sosio-ekonomiese status kom. Slegs akademiese toppresteerders kom in aanmerking.

**Sanford Health** het in 2017 ’n baanbrekersprojek in Suid-Afrika aangepak deur die Sanford Hoyme-program vir kliniese navorsing oor **fetale alkoholsindroomsteurings** te stig. Die gesubsidieerde genootskapsprogram van R1,3 miljoen sal in die US se Departement Psigiatrie geleë wees.

Ná lang onderhandelinge met veelvuldige US-belanghebbendes oor ’n tydperk van agt maande het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) en **Standard Bank Suid-Afrika** ’n vennootskap aangegaan om die **FGGW-studenteleningsprogram** op die been te bring, wat nieborglenings aan senior FGGW-studente sal voorsien. Die beleggingsfonds van R3 miljoen (R2,5 miljoen van FGGW, en R500 000 van Standard Bank) dien as bykomende sekuriteit vir studentelenings van R30 miljoen aan gesondheidswetenskappestudente in hulle finale jaar en mediese studente in hulle vyfde en sesde jaar.

Teen die einde van 2017 het fondswerwers van Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge gekies om **studenteskuldverligting onder US-gegradueerdes** te ondersteun deur skenkers oor alle portefeuljes heen te vra vir bydraes sodat studente aan die einde van die jaar skuldvry kan gradueer. Hierdie veldtog, wat as **#US99** bekend was, het nie net meer as R1 miljoen ingesamel nie, maar het ook spanlede verenig en die moreel en energievlakke ’n hupstoot gegee op ’n tyd van die jaar wat dikwels deur uitbranding gekenmerk word. Dit is ’n goeie voorbeeld van wat vermag kan word wanneer ons saamspan om ’n verdienstelike saak te ondersteun. Van die personeel en studente wat skenkings op kampus gemaak het, en alumni aanlyn, tot groot skenkers wat hul steun verder uitgebrei het – so is die missie van die US versterk deur ons vriende en vennote.

Een van die toegespitste **Eeufees**-alumniprojekte is om Maties daarby te betrek om **sportgeleenthede** vir fondswerwing te benut – onder die naam **#Maties100** – en eerste aan die

beurt is die Kaapstad-fietstoer in Maart. Ander geleenthede wat ook benut sal word, sluit in Radio 702 se Walk the Talk in Johannesburg in Julie, en die Kaapstad-marathon in September. Ek het personeellede, studente, alumni en vriende van die Universiteit aangemoedig om deel te neem of hulle steun toe te sê aan hierdie inisiatiewe deur ’n skenking aan studentebeurse te maak, en rig graag dieselfde uitnodiging aan Raadslede.

#### 7.10.5 Alumnistrategie

’n Omvattende en inklusiewe strategie vir US-alumnibetrekkinge is in Oktober 2017 vir bespreking aan die Rektoraat voorgelê. Dít het gevolg ná ’n fase van inligtingsinsameling en oorlegpleging, sowel as ’n SWOT-ontleding en terugvoering uit alumni-opnames. Die dokument sal onder alle **fakulteite en ander belanghebbendes** versprei word. Die strategie strook met die Universiteit se strewe om meer toekomsgerig, inklusief, divers, innoverend en buigsaam te wees in hoe ons met ons alumni omgaan. Ons sien daarna uit om die plan oor die volgende vyf jaar te implementeer, en te sorg dat ons die US se alumnibetrekkingeportefeulje in die toekoms aanhou uitbrei en versterk.

## 7.11 Korporatiewe kommunikasie

Die US se **Geïntegreerde Kommunikasiestrategie (GKS)** begin nou vrugte afwerp vir die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en die US in die geheel. Die Universiteit het in November verlede jaar **25 toekennings** by die jaarlikse **MACE**- (“Marketing, Advancement and Communication in Education”-)kongres in Johannesburg gewen. Dít bewys dat die Universiteit se GKS en die samewerking tussen Korporatiewe Kommunikasie, fakulteite en kernafdelings positiewe resultate oplewer.

Hierdie gees van samewerking gee in 2018 die toon aan vir die tweede jaar van US-wye implementering van die GKS. Die einddoel van die GKS is om die Universiteit in die hoëronderwysmark te onderskei en die instelling gunstig onder sy belanghebbendes te posisioneer.

Om GKS-inwerkingstelling oor die hele Universiteit te bevorder, sal die **Geïntegreerde Kommunikasieforum** (GKF) verder ondersoek instel na die konseptuele ontwerp van ’n funksionele en bedryfsmodel om die implementering van die strategie te ondersteun. ’n Prioriteitselement van die voorgestelde model is ’n proeffase om die **Inhoudsnaaf (Content Hub)** aan uitgesoekte fakulteite en kernafdelings bekend te stel en sodoende doeltreffende prosesse vir die bestuur en verspreiding van belangrike inligting en inhoud oor die Universiteit te ondersoek en in werking te stel.

Die statistieke wys 2017 was ’n positiewe groeijaar vir die US se openbare profiel, wat ’n bemoedigende tendens is met dié dat dit die eerste volle jaar van GKS-implementering was. In die jaar wat voorlê, sal dit noodsaaklik wees om op hierdie suksesse voort te bou deur selfs sterker op **samewerking** tussen Korporatiewe Kommunikasie, ons fakulteite sowel as professionele en administratiewe steundienste te konsentreer en die welwillendheid te benut wat die Universiteit se Eeufees skep.

### 7.11.1 Eeufeeshandelsmerkidentiteit

Korporatiewe Kommunikasie se Departement Korporatiewe Handelsmerkidentiteit gaan voort om ’n beduidende rol in die bekendstelling van die Eeufeesidentiteit te vervul. Hulle koördineer onder meer interne en eksterne belanghebbendes se toegang tot die **Eeufeeshandelsmerkriglyne**, en hanteer versoeke op ’n individuele grondslag. Namate die jaar vorder, sal die handelsmerkriglyne gereeld bygewerk en gebruik word as ’n rigpunt vir die institusionele handelsmerkhersieningsproses. Die algehele doel is om omvattende handelsmerkriglyne te skep wat belanghebbendes sal toerus om handelsmerkkampvegters in hulle omgewings te word as deel van die proses van handelsmerkkonsolidasie en -bestuur.

Een van die sigbaarste interne en eksterne raakpunte, die **Eeufeesspesifieke e-poshandtekening** (dieselfde skakel as hierbo), help skep reeds bewustheid en ’n gevoel van eenheid onder personeellede vir die US Eeufeesjaar. Die Eeufeeshandtekening is ontwikkel en geprioritiseer vir die

professionele en administratiewe steundienste, akademiese fakulteite sowel as Maties Sport. Om die ingebruikneming van die e-poshandtekening oor die hele instelling te ondersteun en voldoening aan te moedig, het alle personeellede ’n kommunikasie van die Adjunkvisekanselier: Strategie en Internasionalisasie, prof Hester Klopper, in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie ontvang. Dit het bewustheidsvlakke verhoog, soos duidelik blyk uit die groot getal navrae van US-entiteite wat hulp soek met die ontwikkeling en ingebruikneming van hulle handtekeninge.

Daarbenewens het die verwelkomingsgeleentheid vir eerstejaars ’n geleentheid gebied om nuwe studente van die Eeufees bewus te maak. By dié geleentheid het studente op die Coetzenburgsportveld byeengekom, waar hulle rondom ’n reuse-“100” op die gras gaan staan het om 2018 as die 100ste jaar van eerstejaarsdrome uit te beeld. Hierdie geleentheid het die toon aangegee vir verdere Eeufeeselemente en -geleenthede.



***Figuur 6: Eerstejaarstudente in ’n groot Eeufeesgroepfoto wat met ’n hommeltuig geneem is.***




Handelsmerkbestuursprioriteite in die eerste kwartaal sluit in die vestiging van die Eeufeesidentiteit oor die US se kampusse heen (sien *Figuur 7*), en die aanbied van Eeufeeshandelsmerk-**werksessies** in bepaalde omgewings. Die doel is om afdelings se uitdagings met die Eeufeeshandelsmerk te verstaan, en saam te werk om optimale handelsmerkkonsolidasie te bewerkstellig.

Die **Eeufeeswebtuiste** (www.sun.ac.za/100) raak al hoe gewilder en het met die skryf van hierdie verslag reeds meer as 4 600 bladbesigtigings ontvang.

***Figuur 7: Admin B en ander geboue word op vindingryke wyse ’n Eeufeesbaadjie aangetrek***

### 7.11.2 Kommunikasie en belanghebbendeskakeling

**Interne kommunikasieoudit**

Die interne kommunikasieoudit is in Februarie 2018 gedoen om die doeltreffendheid van die US se interne kommunikasiekanale te beoordeel. Die oudit het ’n aanlyn opname en fokusgroepe vir personeellede en studente ingesluit, en is deur Inligtingsoorsigbestuur (IOB) goedgekeur.

**Nuusbriewe**

Elf uitgawes van **info@StellenboschUni** en **nuus@StellenboschUni** is gedurende die verslagtydperk onder personeellede versprei, asook drie uitgawes van **bulletin@StellenboschUni**. Sowel die lees- as deurkliksyfers vir hierdie nuusbriewe lyk goed vergeleke met bedryfstandaarde. Teenoor 'n bedryfsleeskoers van 23,8%, is die gemiddelde leeskoers vir US-personeelnuusbriewe 29,6%.

Twee massaboodskappe vir nuwe **studente** is in die vorm van bulletin@StellenboschUni-nuusbriewe uitgestuur en baie goed ontvang, met leessyfers van 80–90% en 'n gemiddelde deurkliksyfer van 40%. Die boodskap van 18 Desember 2017 het nuwe studente oor die verwelkomingsprogram op die webtuiste ingelig, terwyl die boodskap van 11 Januarie 2018 oor registrasie en finansiering gehandel het.

Huidige studente het op 12 Januarie 'n massaboodskap ontvang om hulle oor die aanvang van aanlyn registrasie, studentegeld en finansiële bystand in te lig, wat 'n leeskoers van 77% geregistreer het. Hierdie hoë vlak van belangstelling kan toegeskryf word aan voormalige president Jacob Zuma se aankondiging van 16 Desember 2017 oor gratis hoër onderwys vir studente uit arm en werkersklasgesinne. Korporatiewe Kommunikasie werk ten nouste saam met die Registrateursafdeling om voornemende en huidige studente soveel moontlik inligting oor studentegeld en finansiering te bied.

Wat **personeel** betref, was die artikel met die onderwerp "Dis hoe die Steinhoff-debakel jou aftreespaargeld raak" (wat 1 236 klikke in die info@ van 24 Januarie 2018 ontvang het) verreweg die gewildste. Ander items wat heelwat belangstelling uitgelok het, was die kennisgewing oor aansoeke om personeelparkeerplekke (byna 600 klikke) en die kommunikasie uit die Raad (671 klikke), wat albei in die info@ van 29 November 2017 verskyn het.

Nuusberigte wat besonder goed gevaar het, was die aankondiging van prof Jonathan Jansen se aanstelling as 'n uitgelese professor in die Fakulteit Opvoedkunde (335 klikke) en die aanstelling van prof Ingrid Woolard as die nuwe dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (273 klikke).

**Geïntegreerde kommunikasieveldtogte**

Hierdie veldtogte gebruik 'n kombinasie van sosiale media, teksboodskappe en massa-e-posse – wat alles deur die US-webtuiste onderstut word – om spesifieke boodskappe aan kernbelanghebbendes oor te dra. Die twee hoof- geïntegreerde kommunikasieveldtogte wat gedurende die verslagtydperk onderneem is, was #Matieland en #HelloMaties.

***#Matieland-veldtog:*** Hierdie veldtog is in November 2017 ontwerp en geïmplementeer om *Matieland*, die jaarlikse US-tydskrif vir alumni, 'n groter reikwydte te gee. Die veldtog is deur middel van plasings op die US se Facebook-, Instagram-, Twitter- en LinkedIn-platforms gevoer. Op grond van die getal "likes" is die beste resultate met Instagram- en LinkedIn-plasings behaal, wat tot en met 80 "likes" per plasing ontvang het.

***#HelloMaties-veldtog:*** Hierdie veldtog is in samewerking met die Departement Digitale Kommunikasie en die Inhoudsnaaf (Content Hub) ontwerp en geïmplementeer om nuwe Maties in hulle eerste weke by die US te bereik. Die veldtog het gehandel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat vir nuwe studente relevant is – van die registrasieproses en -datums, tot studiegeld, die verwelkomingsprogram en -geleentheid, en algemene inligting oor studentedienste, parkeerplek, ensovoorts. Die kanale wat hiervoor gebruik is, is SMS- en e-poskennisgewings, plasings op sosiale media (Facebook, Twitter en Instagram), 'n verwelkomingsvideo, videogrepe met die Studenteraad (SR) en prof Thuli Madonsela, en die Welkom Maties 2018-webblad. Laasgenoemde is in Desember 2017 in samewerking met Studentesake en die US-webkoördineerder bygewerk om bruikbaarheid en begaanbaarheid te verbeter.

Die #HelloMaties-verwelkomingsvideo is ’n indrukwekkende 26 000 keer op Facebook besigtig, terwyl prof Madonsela se verwelkomingsvideo 9 444 besigtigings en die videogreep met die SR-voorsitter Lwando Nkamisa 2 050 besigtigings ontvang het.

### 7.11.3 Eksterne kommunikasie (US in die nuus)

Die jaar 2017 was ’n produktiewe jaar vir US-personeellede en -studente wat vir die algemene media skryf. In 2017 het altesaam 190 menings-/hoofartikels (2016: 183) en 83 rubrieke (2016: 69) verskyn.

Van ons **voorste kommentators en nuusmakers** in die laaste drie maande van 2017 was proff Amanda Gouws, Nico Koopman, Thinus Booysen, Faadiel Essop, Willie Breytenbach, Johan Fourie, Pumla Gobodo-Madikizela en Abel Esterhuyse, en dr Nic Spaull. ’n Groot dankie aan hierdie denkleiers en ander wat die Universiteit se mediateenwoordigheid help bou.

Sien die **bylaag** vir die jongste lys van meningsartikels en rubrieke in die verslagtydperk.

Wat **mediablootstelling** betref, bly Stellenbosch **onder die voorste drie universiteite** saam met Wits en die Universiteit van Kaapstad. Hoewel November en Desember tradisioneel stiller mediamaande is, het die Universiteit steeds heelwat blootstelling ontvang.

Prof Thinus Booysen se slimwatermeter (bekend as Count Dropula) is steeds nuus noudat dit by 100 skole in werking gestel word. Die opening van die US Planteteeltlaboratorium het wyd dekking ontvang (sien *Cape Argus*, *Cape Times*, *Die Burger*), terwyl navorsing oor Suid-Afrika se vleisgeregte en -gaarmaakmetodes deur dr Sara Erasmus en prof Louw Hoffman van die Departement Veekundige Wetenskappe ook vir heelwat publisiteit gesorg het. Drs Nic Spaull en Hendrik van Broekhuizen van ReSEP, die navorsingsgroep oor sosio-ekonomiese beleid, het die afgelope paar jaar se berigte bevestig dat meisies akademies beter vaar, en onder meer daarop gewys dat daar vir elke 100 meisies in matriek slegs 85 matriekseuns is.

Ander navorsingsverwante artikels wat in die media verskyn het, sluit in US-wiskundige toon modellering van biodiversiteit op groot skaal is nou moontlik (phys.org), Op soek na ’n beter hartklep (*Cape Argus*), Dodelike kriptokokkale fungi in openbare ruimtes, waarsku navorsers (*Times Live*), Insekte kruip onder Nomakholwa Stokwe se vel (*Northern News*) en Geen kitsoplossing vir vetsugverwante siektes (*Business Day*).

Heelwat van die artikels hierbo is aanvanklik op The Conversation gepubliseer. Hierdie platform bied akademici ’n maklike en professionele manier om vir die media te begin skryf en op die koop toe denkleierskap te bevorder. Ek is nou reeds geruime tyd ’n voorstander van die voordele van hierdie platform, maar vergeleke met ’n aantal ander universiteite, is daar steeds ruimte vir verbetering. Die US het die afgelope paar jaar **195 artikels deur 152 outeurs** opgelewer, wat **wêreldwyd 2,2 miljoen keer gelees** is. Dít is geen geringe prestasie nie, maar die universiteite van Johannesburg (212 artikels), Pretoria (229), Kaapstad (359) sowel as die Witwatersrand (488) oortref ons. Ek het alle US-akademici aangemoedig om van hierdie wetenskapkommunikasiekanaal gebruik te maak.

Die Desember-gradeplegtighede het weer ’n magdom interessante mediastories opgelewer, veral Navorser ontwikkel kommunikasiemetode om tikmisbruik hok te slaan, Topingenieurstudent wen Kanseliersmedalje, Navorser bevind melkboere kan geld maak sonder om die omgewing te skaad en Outomatiese braillering van Afrikaanse teks nou moontlik.

Op ’n institusionele vlak is prof Thuli Madonsela ’n mediamagneet en ’n geloofwaardige openbare kommentator soos min (sien Thuli Madonsela begin haar werk aan US).

Die Universiteit het ook goeie mediablootstelling ontvang vir SciMathUS, wat elke jaar 100 studente uit onderwysbenadeelde omstandighede van oor die hele land ’n tweede geleentheid bied om vir hoër onderwys in aanmerking te kom (sien Matrieks kry tweede kans om NSS-uitslae aan die US te verbeter).

Die Universiteit het in Februarie die lys van 14 denkleiers gepubliseer wat as deel van die US se Eeufees eredoktorsgrade van die instelling sou ontvang. Dit het goeie mediadekking vir die US tot gevolg gehad.

Die gebruik van Afrikaans by die Universiteit bly ook 'n gewilde gesprekspunt in die media.

#### 7.11.4 US-webtuiste en sosiale media

Die volgende landingsblaaie op die US-**webtuiste** (www.sun.ac.za) het gedurende die verslagtydperk die meeste besoeke ontvang:

- Eksamens en toetse (meer as 408 366 besigtigings)
- Taalkeuseblad op die landingsblad (148 444)
- Engelse tuisblad (96 914)
- Maties-tuisblad (50 885)
- Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (33 826)
- Natuurwetenskappestudentekomitee van die Fakulteit Natuurwetenskappe (21 569)

**Algehele webtuistestatistieke** vir Oktober 2017 tot Februarie 2018 sien soos volg daar uit:

- Totale besoeke: 551 139
- Besoeke aan Engelse tuisblad: 461 449 (84% van totaal)
- Besoeke aan Afrikaanse tuisblad: 89 690 (16% van totaal)

**LinkedIn** is deesdae die bes benutte sosialemediaplatform vir skakeling tussen die US en sy belanghebbendes, veral alumni. Ons LinkedIn-platform het nou 107 000 volgelinge, van wie 4 000 die afgelope drie maande aangesluit het. Die Universiteit se korporatiewe Facebook-blad bly ook gewild: Sowat 3 000 nuwe volgelinge het sedert 1 Januarie 2018 aangesluit, wat die totale getal volgelinge op 96 000 te staan bring.

Ons sosialemediakanale is in die eerste twee weke van die jaar doeltreffend benut om inligting oor finansiële steun en instapaansoeke oor te dra. Een van die plasings oor instapaansoeke het meer as 260 000 mense op Facebook bereik.

### 7.12 Senior aanstellings

Twee dekane het in die tydperk onder beskouing diens aanvaar – **prof Reggie Nel** in die Fakulteit Teologie op 1 November, en **prof Tony Leysens** in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe op 1 Januarie. Daarbenewens is die aanstelling van 'n nuwe dekaan vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe afgehandel. **Prof Ingrid Woolard**, tans nog verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, sal haar op 1 Mei by die US aansluit.

### 7.13 Desentralisasie van akademiese aanstellings en bevorderings

Tot aan die einde van 2017 het die Aanstellingskomitee van die Senaat (AK[S]) en sy verskillende subkomitees in die fakulteite akademiese aanstellings en bevorderings op posvlak 6 en 5 hanteer. Ingevolge behoorlik gedelegeerde bevoegdheid is aanstellings en bevorderings tot op posvlak 7 deur die verskeie AK(S)-subkomitees in die fakulteite hanteer en uiteindelik deur die Rektor goedgekeur.

In antwoord op die behoefte aan groter desentralisasie is die proses egter aan hersiening en oorlegpleging onderwerp, en is 'n nuwe proses nou **sedert 1 Januarie 2018** in werking.

Volgens die nuwe proses hanteer gebalanseerde, **fakulteitspesifieke akademiese aanstellings- en bevorderingskomitees (AABK's)** nou alle akademiese aanstellings en bevorderings op **alle posvlakke**. Aanbevelings word via die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne by die Rektor ingedien, wat oor gedelegeerde bevoegdheid van die AK(S) beskik. Die onderskeie **dekane** is by

magte om oor akademiese aanstellings en bevorderings te besluit, en die AK(S) vervul nou ’n meer strategiese en waardebelaaide toesigrol.

Hierdie verandering het die proses vir akademiese aanstellings en bevorderings gestroomlyn, terwyl die werksaamhede van die AK(S) tot op die korrekte vlak, naamlik strategiese leiding en toesig, verhef is. Terselfdertyd is die **Senaat se toesigrol** met betrekking tot akademiese aanstellings geensins verwater nie aangesien die huidige verslagdoening aan die Senaat onveranderd bly.

## 7.14 Dienste aan studente

Die Afdeling Studentesake het die jaar begin deur studentesteun met betrekking tot **gestremdheidstoegang**, wat die fisiese omgewing insluit, opnuut in oënskou te neem. Hulle het met Stellenbosch Munisipaliteit ontmoet oor ongelyk sypaadjies, slote in sypaadjies sowel as voertuie wat op sypaadjies parkeer om blywende oplossings te vind vir die gevare wat dít vir studente in rolstoele sowel as blinde en visueel gestremde studente inhou.

Daarbenewens is **psigoterapie** vir visuele en gehoorgestremde studente aangebied, terwyl **inligting** aan verskeie studentestrukture voorsien is deur middel van onder meer praatjies op MFM, aktiwiteite op Geestesgesondheidsdag sowel as bydraes tot studenteleiers se opleiding.

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste werk tans aan ’n nuwe stelsel vir **loopbaandienstebestuur** genaamd Maties Careers. Verdere gebruikersprofiele sal binnekort bygevoeg word om in US-studente en -alumni sowel as maatskappye se loopbaanbehoeftes te voorsien. Hierdie aanlyn loopbaanvoorbereidingsdiens sal aan alle studente beskikbaar gestel word om ons gegradueerdes selfs méér werkgereed te maak.

Die **ER24-krisisdiens** (tel/cell 084-124), wat nauurs beskikbaar is vir studente wat sielkundige en mediese nood ervaar, werk goed, en studente op en weg van die kampus maak daarvan gebruik.


Personeellede van Studentesake het gedurende die **hertoelatingsproses** by die verskillende fakulteite se hertoelatingskomitees ingeskakel om steun te bied aan studente wat reeds hertoelating ontvang het of daarom aansoek doen.

Op Tygerbergkampus word **groepterapie** gebied aan daardie studente wat ’n deel van hulle opleiding in Kuba ondergaan het en nou hulle graadstudie in Suid-Afrika moet voltooi. Hierdie steun het ’n aanvang geneem vir diegene wat in 2018 vir akademiese studie by die US aangekom het.

## 7.15 Inligtingsgrafika oor studente en personeel

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het gedurende 2017 institusionele en nasionale inligtingsgrafika oor studente en personeel saamgestel om **besluitneming te ondersteun**. Dit is met behulp van Piktocharts, MS Word en MS Excel geskep as ’n manier om komplekse verwantskappe en tendense op te spoor en grafies voor te stel. Die inligtingsgrafika is op die Afdeling se webtuiste en in die SharePoint-omgewing gepubliseer, waar belanghebbendes dit kan besigtig en gebruik.

Die paneelbord is verder uitgebrei en sluit nou grafika oor beplanningsinligting, finansiële inligting tot op departementele vlak, navorsingstatistieke sowel as strategiese bestuursaanwysers (SBA’s) in. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het in April 2017 die paneelbord aan dekane, visedekane, fakulteitsbestuurders sowel as die Rektoraat gedemonstreer. Verdere ontwikkelings, soos die insluiting van inligting oor die US se fasiliteite, word ook beplan.





*Figuur 8: 'n Voorbeeld van die IOB se inligtingsgrafika gemik op beter besluitneming*

## 7.16 Meer volhoubare intekenrekening vir Biblioteek

Om finansiële uitdagings die hoof te bied en 'n meer volhoubare intekenrekening te verseker, het die Biblioteek met fakulteite saamgewerk om alle bestaande intekenings op vaktydskrifte en databasisse te evalueer. Dít het tot die kansellasie van 'n groot getal tydskrifintekenooreenkomste vir 2018 gelei. Daarbenewens het die Biblioteek alternatiewe vir intekening op groot elektroniese tydskrifpakkette ondersoek en gevolglik sy intekening op die omvattende Wiley-tydskrifpakket vir 2018 gekanselleer. Albei hierdie stappe het **aansienlike besparings** teweeggebring, wat by die begroting vir 2018 ingesluit is.

## 7.17 Nuwe Matiewinkel en US-winkel

Innovus het die jaar afgeskop met die opening van die splinternuwe wêreldklas-**Matiewinkel in die Neelsie**, sowel as die **Universiteit Stellenbosch-winkel in Dorpstraat** in die middedorp van Stellenbosch. Hierdie winkels, wat deur SUNCOM (voorheen Kommersiële Dienste) bestuur word, verkoop nie net klere en geskenke met die US-handelsmerk nie, maar ook verskeie ander innoverende items.



*Figuur 9: So lyk die nuwe Matiewinkel in die Neelsie*

Ons winkel in die dorp sal byvoorbeeld unieke produkte van ons Juweelontwerpstudente aanhou. Ander US-produkte sal ook te koop wees, waaronder ons wyn en kleiner plante uit die Botaniese Tuin. Die winkels het 'n deftige dog vars ontwerp en 'n moderne en buigsame uitleg. Die inisiatief is ook 'n goeie voorbeeld van hoe Innovus met 'n akademiese omgewing – in hierdie geval, die Departement Visuele Kunste – saamwerk om op grond van kommersialiseringsaktiwiteite 'n simbiotiese verhouding te bou.

## 7.18 Steinhoff Internasionaal

### 7.18.1 US Aftreefonds

Die Universiteit Stellenbosch Aftreefonds (USAF) het met lede gekommunikeer ná vrae deur bekommerde werknemers oor hoe hul aftreespaargeld geraak word deur die val in Steinhoff Internasionaal se aandeelprys van R56.26 per aandeel op 30 November tot R6 op 8 Desember 2017. Dít toe aan die lig gekom het dat Steinhoff by "rekeningkundige onreëlmatighede" betrokke was. Die volle omvang hiervan is nog nie bekend nie.

Hoe raak dit USAF-beleggings? Die blootstelling aan Steinhoff-aandele op 5 Desember 2017 vir die meerderheid van USAF se lede wat in die Groeiportefeulje belê, was soos volg:

| Groeistrategie (lede jonger as 53 jaar) | Blootstelling aan Steinhoff (% van portefeulje) | Fondsverdeling (30 November 2017) |
|---|---|---|
| Allan Gray | 0.5% | 23.3% |
| Coronation | 3.7% | 23.3% |
| Investec | 2.8% | 23.8% |
| Willis Towers Watson | 0.0% | 29.0% |
| Totale Groeistrategie | 1.6% | |

***Tabel 6: Steinhoff-blootstelling in die Groeiportefeulje***

Die twee Sanlam Multibestuurder-portefeuljes wat deel vorm van USAF se lewensfase strategie se blootstelling aan Steinhoff-aandele was op 5 Desember 2017 soos volg:

| Risikoverlaging (lede ouer as 53 jaar) | Blootstelling aan Steinhoff (% van portefeulje) |
|---|---|
| Sanlam Multibestuurder – Konserwatief | 2.42% |
| Sanlam Multibestuurder – Aggressief | 3.92% |

***Tabel 7: Steinhoff-blootstelling in die Lewensfase-strategie***

Met inagneming van die blootstellings soos hierbo aangedui, glo USAF die **impak op die totale Fonds was betreklik klein**. Volgens USAF is dit belangrik om in gedagte te hou dat die bates van USAF-lede in goed gediversifiseerde portefeuljes (versprei oor verskillende aandele, bateklasse en geografiese gebiede) belê word, waar lede se spaargeld verder kan groei ondanks terugslae soos die daling in Steinhoff Internasionaal se aandeelprys.

### 7.18.2 Maties Sport

'n Opslagbal is na Maties Sport geboul toe Steinhoff Internasionaal, hoofborg van Maties Sport se rugby-, hokkie- en krieketklub sedert 2009, aan die einde van 2017 sy borgskap as gevolg van gebeure in die maatskappy onttrek het. Hoewel Maties Sport die bykomende belegging sal mis, is planne in werking gestel om te sorg dat alle dienste en steun volgens plan voortgaan. Verskeie partye by die Universiteit en Maties Sport identifiseer tans **moontlike nuwe borge**.

## 7.19 Naamsverandering vir die Registrateursafdeling

Die Universiteit gebruik die name 'Afdeling Akademiese Administrasie' en 'Registrateursafdeling' reeds geruime tyd as wisselvorme om te verwys na die afdeling wat aan die Registrateur verslag doen. Tog is dit in die US se organogramme amptelik as die 'Afdeling Akademiese Administrasie' bekend.

Nietemin is akademiese administrasie nie die Registrateur se enigste werksaamheid nie. Met die verskuiwing van die verslagdoeningslyn na die Rektor, is die Registrateur se kernbedrywighede:

- regsdienste en statutêre voldoening;
- akademiese studenteadministrasie; en
- korporatiewe beheer en sekretariële dienste.

Teen hierdie agtergrond is die **naamsverandering van die Afdeling Akademiese Administrasie na Registrateursafdeling** goedgekeur.

Die Registrateursafdeling bestaan tans uit drie onderafdelings of sentra, naamlik Regsdienste, die Sentrum vir Akademiese Studenteadministrasie, en die Sentrum vir Oorsigfunksieondersteuning (SOFO), wat tot onlangs as die Sentrum vir Institusionele Registrateursfunksies bekend was.

Die SOFO is verantwoordelik vir bestuur van beleid, delegasies en rekords (wat die institusionele Argief insluit), vir sekretariaatsdienste aan die Raad, Senaat en Institusionale Forum en hulle komitees, sowel as die Rektoraat en Algemene Bestuurdersvergadering (ABV), en vir die implementering en handhawing van die US Statuut en institusionele reëls.


Die nuwe naam vir die Afdeling is in lyn met dié van afdelings in die res van die hoëronderwyssektor wat soortgelyke werksaamhede verrig. Boonop beklemtoon dit die al hoe sterker toesigrol wat die Registrateursafdeling voortaan sal vervul.

## 8. Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek

Die Kampusvernuwingsprojek (KVP) is in Desember 2014 deur die US Raad goedgekeur. Die projek is geïnisieer toe die risiko verhoog het dat baie van die US se fisiese infrastruktuur wanfunksionerend en vervalle geword het weens langtermyngebrek aan instandhouding en as sodanig ’n risiko vir die volhoubaarheid van die akademiese projek van die US begin inhou het. In September 2017 het die Raad die uitbreiding van die KVP goedgekeur en daarmee die projektydlyn tot 2027 verleng en ’n bykomende R1,456 miljard aan die inisiatief toegesê. Daarmee is erkenning gegee aan die feit dat die fisiese fasiliteite van die US strategiese bates is, en noodsaaklike instaatstellers van ’n wêreldklasuniversiteit wat sistemies volhoubaar is.

### 8.1 HB Thom Teater en Dramaprojek

Hierdie projek is **voltooi** en personeel het die opgeknapte fasiliteite betrek. Finale indiensstelling van die teatertoerusting is ook voltooi. Normale akademiese aktiwiteite het ’n aanvang geneem en toe hierdie verslag saamgestel is.



*Figuur 10: So lyk die opgeknapte teater binne*

## 8.2 Ingenieurswesekompleks

Kampusvernuwingsprojek-inisiatiewe by die Ingenieurswesekompleks het in 2017 begin met **die opknapping van die ou Informasietegnologie-gebou** vir gebruik deur die Departement Bedryfsingenieurswese. Hierdie projek sal in 2018 behoorlik vaart kry. Finale binneafwerkings vorder volgens plan, en die indiensstelling van dienste en IT-stelsels begin binnekort. Bouwerk sal na verwagting in April 2018 voltooi wees.

Die **nuwe Plaveisellaboratorium vir die Departement Siviele Ingenieurswese** sal die Fakulteit Ingenieurswese ruimte vir toekomstige groei bied. Die ontwerpspan het die konsepontwerp voltooi, en die detailontwerp sal nou ’n aanvang neem. Bouwerk sal na verwagting teen die middel van Julie 2018 begin.

Opknappings aan die **Meganiese Ingenieurswese-gebou** sluit in die modernisering en verdigting van kantoor- en nagraadse ruimtes, ’n nuwe Megatronikalaboratorium, twee nuwe elektroniese klaskamers en ’n nuwe FIRGA (rekenaargebruikersarea). Met die konsepontwerpe gereed, werk die ontwerpspan nou aan die detailtekeninge. Bouwerk begin hopelik teen die middel van Junie 2018.

Opknappings aan **laboratoriumruimtes** in alle Ingenieurswesedepartemente word deur twee ontwerpspanne, met inbegrip van ingenieurs, gedoen. Hulle werk tans aan verskeie konsepontwerpe vir die departemente Meganiese, Bedryfs-, Elektriese, Proses- en Siviele Ingenieurswese. Die nuwe konsepontwerpe sal aandag skenk aan vertikale en horisontale sirkulasie sowel as probleme met regulasienakoming. ’n Proses vir die detailontwerp van laboratoriums sal begin sodra die Fakulteit goedkeuring verleen het.

## 8.3 Biomediese Navorsingsfasiliteit-projek

Die Biomediese Navorsingsfasiliteit-projek, wat **voorheen as die Fisanprojek bekend** was, het die afgelope twee maande beduidend gevorder. Fasiliteitsbestuur skakel tans met belanghebbendes vir kommentaar op en goedkeuring van die konsepontwerp, terwyl die aanvanklike detailontwerpfase op koers is vir voltooiing teen die begin van Junie 2018. Bouplanne sal na verwagting teen die einde van Julie 2018 ingedien word. Na gelang van werkfasegoedkeuring, wat die Raad se goedkeuring van die bouplanne insluit, hoop Fasiliteitsbestuur om die hoofkontrakteur in Desember 2018 aan te stel en in Januarie 2019 met bouwerk te begin.

## 8.4 Ander bouprojekte

Die KVP is omvangryk maar hoegenaamd nie allesomvattend nie. Vir die Universiteit om sy bestaande fisiese fasiliteite in stand te hou en ook nuwe geriewe by te voeg om aan behoeftes te voldoen, is dit die heeltyd nodig om nie net opknappingswerk te doen nie, maar ook nuwe bouwerk.

### 8.4.1 Jan Mouton Leersentrum

Bouwerk aan die nuwe leer- en onderrigsentrum, wat plek sal hê vir meer studente as enige ander huidige onderrigruimte op kampus en **studentesukses inklusief en innoverend sal bevorder**, het op 30 Oktober 2017 begin met Groep 5 as kontrakteur. Massauitgrawings vir die kelderparkeerterrein is tans aan die gang en nader voltooiing. Dit sluit die installasie van betonheipale op die buitegrens in. Projekvoltooiing word vir Desember 2019 beplan, met okkupasie in Februarie 2020.

'n Sooispitplegtigheid het op 8 Februarie vanjaar plaasgevind. Erkenning is verleen aan die finansiers van die gebou – die DHOO, die Raad van die US, die Universiteit self sowel as individuele skenkers. Die grootste van hulle is **mnr Jannie Mouton**, 'n US-alumnus, jare lange skenker aan die Universiteit sowel as die stigter van die beleggingsmaatskappy PSG Groep, wat in 2016 R50 miljoen aan die projek geskenk het. Hy het versoek dat die gebou na **sy pa**, Johannes Jacobus Mouton, of kortom **Jan Mouton**, heet.

Jan Mouton sr het ook aan die US gestudeer. Hy was die jongste van sewe kinders en 'n eerstegenerasiestudent wat ná skool eers vier jaar gaan werk het om genoeg geld te spaar om vir sy studies te betaal. Hy het in 1941 die graad BComm en in 1942 'n nagraadse kwalifikasie in die onderwys aan die US verwerf. Later was hy winkelier op Carnarvon, waar hy ook jare lank as burgemeester gedien en na verskeie gemeenskappe op die dorp uitgereik het. Hy het later na Pretoria verhuis waar hy op die gebied van landboubestuur gewerk het. Hy is in 1975 oorlede. Klik hier om verder te lees.

Die Uitvoerende Komitee van die Raad het die naam van die Jan Mouton Leersentrum goedgekeur, sowel as twee ander name. Die nuwe koshuis op Tygerbergkampus sal bekend wees as **Nkosi Johnson Huis** ter ere van dié MIV/vigs-kampvegter wat op 12-jarige ouderdom oorlede is. En die nuwe gebou waarin die Afdeling Informasietegnologie geleë is, kry die naam **Inligtings- en Kommunikasietegnologie**.

Op Wêreld Vigsdag (1 Desember) verlede jaar het Victoriastraat 39 in Stellenbosch, die gebou wat die Eenheid vir Gelykwaardigheid en die Eenheid vir Gestremdhede by die US huisves, die naam **Huis Simon Nkoli** gekry ter ere van die gerespekteerde stryder teen MIV/vigs en kampvegter vir gay-regte wat in 1989 oorlede is.

### 8.4.2 Biblioteek vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die opknapping van die biblioteek vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op Tygerbergkampus is **afgehandel** en die biblioteek sou in Februarie sy deure vir studente, personeellede en navorsers open. Die opgeknapte biblioteek bied hipermoderne ruimtes en fasiliteite om in die moderne kliëntegemeenskap se behoeftes te voorsien. Die amptelike opening vind op 10 April plaas.

### 8.4.3 Bellvillepark-kampusinligtingsentrum (USBI)

Die opknapping van die Bellvillepark-kampusinligtingsentrum (oftewel USBI) maak vordering. Die biblioteek en sy personeellede sal vanaf April tydelike ruimtes betrek terwyl USBI opgeknap word. Die werk sal na verwagting **teen September voltooi** wees. Gedurende die bouwerk en opknapping sal dienste ononderbroke voortduur.

### 8.4.4 Sportfasiliteite

Gepaste fasiliteite is noodsaaklik om sport, en veral hoëprestasiesport, te ontwikkel. Die sluiting van die **Coetzenburg-atletiekbaan** vir uitgebreide instandhouding is ’n belangrike stap om die standaard van US-sportgeriewe verder te verhoog. Werk aan die atletiekkleedkamers, -ablusiegeriewe en -kantore is voltooi, en die opknapping van die atletiekbaan en twee sintetiese hokkievelde duur voort.

Wat ander instandhouding betref:

- behoort **Lentelus se sokkerklubhuis** teen Maart 2018 voltooi te wees, terwyl instandhouding aan die sokker- en rugbyvelde by Lentelus reeds klaar is;
- is ligte by rugbyveld C geïnstalleer; en
- is twee elektriese substasies voltooi.

## 9. Slot

Teen die agtergrond van prestasies en waardevolle lesse uit ons komplekse geskiedenis, verteenwoordig hierdie Eeufeesjaar, met sy tema “**100 jaar van leer, groei en saam vorentoe beweeg**”, ’n **nuwe begin vir die US**. Ons sal voortgaan met ons werk om ’n relevante instelling te wees wat ’n kernrol in die ontwikkeling van ons nasie, ons vasteland en die res van die wêreld vervul. In ons instelling se verbintenis om tot ’n samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal by te dra, bly die Raad ’n deurslaggewende rolspeler.



**Prof WJS de Villiers**
**Rektor en Visekanselier**

# BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

## Meningsartikels (26 Oktober 2017 tot 21 Februarie 2018)

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Mark Paterson | Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid | Why mere knowledge transfer fails | Mail & Guardian (27 Okt) |
| Dr Jason Bantjes/ Prof Leslie Swartz | Sielkunde | We need more mental health activists | News24 (29 Okt) |
| Dr Ntsikelelo Breakfast | Politieke Wetenskap, Fakulteit Krygskunde | Army not suited to civilian work | The Herald (30 Okt) |
| Dr Scott Drimie | Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium | Heart disease is among top killers | IOL (30 Okt); Star (30 Okt); The Mercury (30 Okt) |
| Markus Korhonen | Politieke Wetenskap | For all the billions, SA Airways bailout money not enough to buy Emirates | Africa Check (30 Okt) |
| Ashanti Kunene | Magisterstudent in Internasionale Studie | If we insist on violence at home, we can't complain about a violent society | News24 (31 Okt) |
| Prof Nuraan Davids | Opvoedingsbeleidstudie | How Nike's hijab sports gear is taking on Islamophobia and patriarchy | The Conversation (2 Nov); News24 (3 Nov); EWN (3 Nov); The Witness (15 Nov) |
| Irene Labuschagne<br><br>Dr Johan Nel | Voedingsinligtingsentrum<br><br>Nefrologie | Chronic kidney disease is still a major health challenge in Africa | The Conversation (5 Nov); Star (8 Nov) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Celebrity campaigns and rape culture: the pluses and the pitfalls | The Conversation (6 Nov) |
| Prof Nicolene Wesson | US Bestuurskool | Share repurchases and directors' pay in SA: why the controversy? | Business Live (6 Nov) |
| Harris Andoh | Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie | African universities must regain their 'lost research mission' | City Press (10 Nov) |
| Dr Ntsikelelo Breakfast | Politieke Wetenskap, Fakulteit Krygskunde | What role do intellectuals have in new South Africa? | The Herald (10 Nov) |
| Craig Bailie | Politieke Wetenskap, Fakulteit Krygskunde | Niger: a reminder of why the US military's presence in Africa needs constant scrutiny | The Conversation (13 Nov) |
| Prof Faadiel Essop | Fisiologiese Wetenskappe | Here's how stress can cause diabetes | Health24 (14 Nov) |
| Joey Hulbert<br><br>Dr Francois Roets | Universiteit van Pretoria<br><br>Bewaringsekologie en Entomologie | Citizen science: how ordinary people can guard Cape Town's biodiversity | The Conversation (19 Nov) |
| Dr Nic Spaull/ Dr Hendrik van Broekhuizen | Ekonomie | Academically, girls are streets ahead. So why do boys get paid more in their jobs? | Sunday Times (19 Nov) |
| Lee-Ann Steenkamp | US Bestuurskool | How the South African government is failing people with disabilities | Business Live (21 Nov) |

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Renata Schoeman | US Bestuurskool | Effective leadership requires work | Cape Times (23 Nov) |
| Prof Daniel Malan | Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika | A loota continua ... unless SA does something about its Al Capone | City Press (24 Nov) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | Patterns inherited from South Africa's colonial past still persist in sport | The Conversation (26 Nov) |
| Ashanti Kunene | Magisterstudent in Internasionale Studie | Practising your politics in a patriarchal world | News24 (29 Nov) |
| Marina Joubert | Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie | How an historic heart transplant created a celebrity scientist 50 years ago | The Conversation (29 Nov) |
| Prof Xikombiso Mbhenyane<br><br>Irene Labuschagne | Menslike Voeding<br><br>Voedingsinligtingsentrum | South Africa's twin malnutrition challenges: hunger and obesity | The Conversation (3 Des) |
| Prof Peter Rule | Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys | Can't teach old dogs new tricks? Nonsense. Tips for learning later in life | The Conversation (4 Des) |
| Prof Peter Rule | Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys | South Africa has a reading crisis: why, and what can be done about it | The Conversation (8 Des) |
| Dr Tanya de Villiers-Botha | Filosofie | The 'Choice on the Termination of Pregnancy Amendment Bill' and its moral shortcomings | Daily Maverick (12 Des) |
| Dr Chris Jones | Praktiese Teologie en Missiologie | Celebrate common truths, values and goodwill | Cape Argus (13 Des) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | Capitalist Leninism gives citizens the defects of both | Business Live (14 Des) |
| Dr Elmarie Malek<br><br>Lizette Berry | Pediatrie en Kindergesondheid<br><br>Universiteit van Kaapstad | How to boost children's life chances | Cape Times (15 Des) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Richard van der Ross: politieke aktivis én 'n gentleman | LitNet (15 Des) |
| Mlungisi Mama | Magisterstudent in Landbou-ekonomie | Black youths must be made aware of agri sector careers | Farmer's Weekly (3 Jan) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Kloof tussen ryk, arm kleiner | Beeld (6 Jan) |
| Prof Servaas van der Berg | Ekonomie | Dié kinders wat matriek kry, is rede tot vreugde | Die Burger (8 Jan) |
| Prof Pumla Gobodo-Madikizela | Historiese Trauma enTransformasie | In solidarity with suffering of others | Cape Times (9 Jan) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | Narratives about South Africa's black athletes need to be reclaimed and retold | The Conversation (11 Jan) |
| Dr Uhuru Phalafala | Engels | A song of constant beginnings | Mail & Guardian (12 Jan) |
| Dr Nic Spaull | Ekonomie | The real matric rate and the real site of failure in education | Sunday Times (14 Jan) |
| Dr Selina Palm | Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing | Church outrage over spanking ban aids violence against South Africa's children | The Conversation (14 Jan); Star (16 Jan); The New Age (16 Jan) |

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Lee-Ann Steenkamp | US Bestuurskool | Why the drought levy tabled by Cape Town's mayor is unfair | The Conversation (16 Jan); News24 (17 Jan); Huffington Post (18 Jan) |
| Craig Bailie | Politieke Wetenskap, Fakulteit Krygskunde | SA's toxic leadership and the 'false prophets' | Huffington Post (18 Jan) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Wat is die wortel van homofobiese geweld? | Rapport (21 Jan) |
| Dr Nic Spaull | Ekonomie | Cape Town, a city drowning in incompetence | Daily Maverick (22 Jan) |
| Prof Thuli Madonsela | Maatskaplike Geregtigheid | Work for a country that we want | News24 (28 Jan) |
| Prof Sven Bacher<br><br>Dr Sabrina Kumschick | Universiteit van Fribourg<br><br>Sentrum vir Indringerbiologie | A novel approach could help manage the impact of invasive species | The Conversation (29 Jan) |
| Prof Michael Graham | US Bestuurskool | Should shareholders insist on specialised advisers in M&A deals? | Business Live (29 Jan) |
| Ashanti Kunene | Magisterstudent in Internasionale Studie | Ongoing civil war in SA acknowledged by no one | Cape Argus (30 Jan) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Speak up, dear student! It can save your life | Health24 (30 Jan) |
| Dr Morné Mostert | Instituut vir Toekomsnavorsing | New global model for engagement could bolster business | Fin24 (8 Feb) |
| Prof Sadulla Karjiker | Handelsreg | Trade and Industry's myopic proposals can harm economy | Business Live (8 Feb) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | There is only one truly democratic solution to Zuma | Business Live (9 Feb) |
| Dr Heidi le Sueur | US Bestuurskool | How to build organisational resilience to weather turbulent times | Business Live (12 Feb) |
| Dr Azille Coetzee | Filosofie | Why tackling sexual violence is key to South Africa's decolonisation project | The Conversation (12 Feb); The New Age (14 Feb); Huffington Post<br><br>(14 Feb) |
| Prof Bob Mash<br><br>Prof Hassan Mahomed<br><br>Shrikant Peters | Huisartskunde en Primêre Sorg<br><br>Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid<br><br>Universiteit van Kaapstad | How Cape Town's water crisis could make people sick | The Conversation (14 Feb) |
| Prof Servaas van der Berg | Ekonomie | The two-way street between poverty and education | Project Rise News24 (15 Feb) |
| Prof Stephanus Muller | Musiek | Value in ambiguity: listening to art music in contemporary South Africa | The Conversation (18 Feb) |

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Catharine Esterhuysen | Chemie en Polimeerwetenskap | Why so few women in science? | Cape Argus (19 Feb) |
| Prof George Claassen | Sentrum vir Wetenskap- en Tegnologiemassakommunikasie | Kwaksalwerpraktyke kry nie aandag hier | Die Burger (19 Feb) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | Ons gewete | Die Burger (19 Feb) |
| Prof Mark Swilling | Komplekse Sisteme in Transisie | Ramaphosa must fuse fixing broken institutions and economic policy | The Conversation (19 Feb) |
| James Lotter | Magisterstudent in Internasionale Studie | It is time to secularise marriage in South Africa | Daily Maverick (20 Feb) |
| Dr Chris Jones | Praktiese Teologie en Missiologie | Rethinking belonging could foster a more humane understanding of migration | AllAfrica (20 Feb) |
| Prof André Roux | US Bestuurskool | Budget Speech 2018: Will it pave the way towards a new normal in SA? | The Star (20 Feb) |
| Dr Martin Gustafson | Ekonomie | Joining the dots: why education is key to preserving the planet | The Conversation (20 Feb); Parent24 (21 Feb) |
| Lee-Ann Steenkamp | US Bestuurskool | South Africa's finance minister played the tax cards he had left: wealth and VAT | The Conversation (21 Feb) |

## Rubrieke (26 Oktober 2017 tot 21 Februarie 2018)

| SKRYWER | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Competition smashes corruption | Finweek (2 Nov) |
| | | How religion shapes an economy | Finweek (16 Nov) |
| | | The case for technological optimism | Finweek (30 Nov) |
| | | Want to be rich? Be patient | Finweek (14 Des) |
| | | The hidden cost of free higher education | Finweek (18 Jan) |
| | | 'Boer soek 'n vrou' en ons skoolstelsel | Rapport (21 Jan) |
| | | Why maths (and social skills) matter | Finweek (1 Feb) |
| | | Bad boys, bad boys, what you gonna do? | Finweek (15 Feb) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Dié simbole kan jou saak skaad | Netwerk24 (7 Nov) |
| | | ANC behoort les te leer uit Zim | Netwerk24 (21 Nov) |
| | | Dié geskenk is die beste soort | Netwerk24 (5 Des) |
| | | Patriargie kan nie alle skuld kry | Die Burger (2 Jan) |
| | | Gratis onderrig g'n wonderkuur | Netwerk24 (16 Jan) |
| | | Blaam gaan nie waterkrisis oplos | Die Burger (30 Jan) |
| | | Ons het nie nog 'n vader nodig | Die Burger (13 Feb) |
| Jan Greyling | Landbou-ekonomie | Room van die tegnologie-oes | Landbouweekblad (17 Nov) |
| | | Tegnologie boere se baas? | Landbouweekblad (16 Feb) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Zuma's fees-free plan will benefit him, and him only | Times Live (9 Nov) |
| | | Abysmal state of SA education is a crisis | Times Live (7 Des) |
| | | Time to let go of the past – our education must focus on the future | Times Live (14 Des) |
| | | Matric results are a disgraceful freak show | Times Live (11 Jan) |
| | | Political parties don't give a damn about the future of education | Times Live (18 Jan) |
| | | Reaction inflames situation | Herald Live (25 Jan) |
| | | What Biko would have told young black people about racism | Times Live (1 Feb) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Saamstaan teen geweld is die oplossing | Die Burger (1 Nov) |
| | | Verraad van drome en visie roep protes op | Netwerk24 (22 Nov) |
| | | Só bevorder aktivisme en protes vrede | Die Burger (29 Nov) |
| | | Jeugleiers: Sáám maak ons mekaar méér | Netwerk24 (11 Des) |
| | | Rol van goeie leiers moet nie onderskat word | Die Burger (20 Des) |
| | | Sorrie-gebed vir die einde van hierdie jaar | Die Burger (27 Des) |
| | | Verlede, hede én toekoms vra ook onthou | Die Burger (24 Jan) |
| | | Ware leiers van kwaliteit erken hul broosheid | Die Burger (14 Feb) |
| | | 'n Gebed vir ons president en sy ministers | Die Burger (21 Feb) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Hoe onthou 'n mens vorentoe? | Netwerk24 (27 Okt) |
| | | 'Hoe kon ons Swart Maandag so verkeerd verstaan?' | Netwerk24 (9 Nov) |
| | | Niks in hierdie land is maar net 'bloot' nie | Netwerk24 (11 Nov) |
| | | Steek grense oor om ander te verstaan | Netwerk24 (30 Nov) |
| | | Gaan ons ANC-konferensie in 2018 oorleef? | Netwerk24 (21 Des) |
| | | Matrieks: Agter elke syfer en statistiek is 'n mens | Netwerk24 (15 Jan) |
| | | Gratis hoër onderwys kan SA ook baat | Netwerk24 (25 Jan) |
| | | Die mense sal regeer | Netwerk24 (15 Feb) |